# 'N VEILIGHEIDSPLEK AS SENTRUM VIR DIE EVALUASIE VAN MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN KINDERS EN HULLE BEHANDELING, MET BESONDERE VERWYSING NA DIE MONUMENT VEILIGHEIDSPLEK EN PLEK VAN BEWARING, BLOEMFONTEIN

deur

Petrus Johannes UYS

Verhandeling voorgelê
ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad
MAGISTER ATRIUM IN DIE DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK
FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
aan die
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

POTCHEFSTROOM
Januarie 1977

Opgedra ter nagedagtenis
aan my Vader en Moeder,
wat die fondamente gelê het.

V O O R W O O R D

Die kind en die bevrediging van sy indiwiduele behoeftes en probleme is die grondslag van hierdie navorsingsprojek Wanneer die mens aan die einde van 'n mylpaal in sy lewe kom, besef hy opnuut dat hy nie slegs aangewese is op hom= self nie, maar op hulp en bystand van buite.

Al die eer aan my Skepper vir alles wat ek tot dusver bereik het - Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee (Fil 4: 13).

'n Woord van opregte dank en waardering word hiermee uitge= spreek teenoor mnr O.G. Kahl, P. U. vir C.H.O. Sonder u bekwame leiding, hulp en bystand sou die voltooiing van hierdie verhandeling nie moontlik gewees het nie.

Aan my eggenote, Heleen, vir al haar hulp en opoffering, my opregte dank. My dank aan al die personeel verbonde aan die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, vir hulle bydrae.

Al die persone met wie onderhoude gevoer is, se bydrae was besonder insiggewend en het beslis 'n bydrae gelewer. My opregte dank aan u.

My dank gaan ook aan al die persone en kollegas wat op een of ander wyse 'n bydrae gelewer het.

P J Uys

12 Januarie 1977.

# I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK I

INLEIDING

| | | |
|---|---|---|
| 1. | DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP | 1 |
| 2. | DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK | 2 |
| 3. | AFBAKENING VAN DIE TERREIN VAN ONDERSOEK | 2 |
| 4. | METODE VAN ONDERSOEK | 3 |
| 5. | OMSKRYWING VAN KERNBEGRIPPE | 4 |
| 5.1. | Sorgbehoewende kind | 4 |
| 5.2. | Veiligheidsplek | 5 |
| 5.3. | Waarnemingsentrum | 5 |
| 5.4. | Maatskaplike werk | 6 |
| 6. | AANBIEDING VAN NAVORSINGRESULTATE | 6 |

HOOFSTUK II

DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN VEILIGHEIDSPLEKKE, PLEKKE VAN BEWARING EN WAARNEMINGSENTRUMS.

1. KINDERHUISE AS VERSORGINGSOORD VIR KINDERS 8

2. DIE TOTSTANDKOMING VAN VEILIGHEIDSPLEKKE, PLEKKE VAN BEWARING EN WAARNEMINGSENTRUMS 10

2.1. Veiligheidsplekke 10
2.2. Plekke van bewaring 12
2.3. Die veiligheidsplek en plek van bewaring saamgevoeg in een inrigting 13
2.4. Waarnemingsentrums 14

3. HUIDIGE BELEID MET BETREKKING TOT VEILIGHEIDSPLEKKE, PLEKKE VAN BEWARING EN WAARNEMINGSENTRUMS 16

4. SAMEVATTING 19

HOOFSTUK III

DIE TOELATING, ONTVANGS EN INSKAKELING VAN KINDERS IN DIE VEILIGHEIDSPLEK 21

1. KINDERSORGBELEID MET BETREKKING TOT VERWYDERING VAN KINDERS UIT HULLE GESINSVERBAND 21

2. DIE KINDERHOFONDERSOEK 24

3. DIE TOELATING VAN DIE KIND TOT DIE VEILIGHEIDSPLEK 25

4. DIE ONTVANGS VAN DIE KIND IN DIE VEILIGHEIDSPLEK 27

5. DIE INSKAKELING VAN DIE KIND BY DIE INRIGTING EN ROETINE VAN DIE INRIGTING 28

6. SAMEVATTING 30

HOOFSTUK IV

ALGEMENE KENMERKE VAN DIE KIND IN DIE VEILIGHEIDSPLEK WAT SPRUIT UIT SY GESINSAGTERGROND 33

1. FUNKSIES VAN DIE GESIN 33

1.1. Die Voortplantingsfunksie 33
1.2. Die versorgingsfunksie 35
1.3. Die opvoedkundige en godsdienstige funksie 36
1.4. Die sosialiseringsfunksie 38
1.5. Die kind as produk van die gesin 41

2. KENMERKE VAN DIE GESIN VAN DIE SORGBEHOEWENDE KIND 42

2.1. Huweliksonenigheid 42
2.2. Verlating 43
2.3. Onvolwaardige ouerskap 44
2.4. Drankmisbruik 44

3. BESONDERE BEHOEFTES VAN DIE KIND UIT DIE PROBLEEMGESIN 46

4. SAMEVATTING 48

HOOFSTUK V

ALGEMENE EN BESONDERE BEHOEFTES VAN KINDERS IN VEILIG= HEIDSPLEKKE 50

1. ALGEMENE PROBLEME EN BEHOEFTES WAT SPRUIT UIT DIE GESINSAGTERGROND VAN KINDERS 50

2. DIE INTENSIFISERING VAN PROBLEME AS GEVOLG VAN DIE VERWYDERING VAN DIE KIND UIT SY OUERHUIS 51

2.1. Skeidingsangs 51

2.2. Die gevolge van angs by die kind 53

2.3. Die gedrag van die kind as gevolg van angs 53

3. DIE MANIFESTASIE VAN DIE PROBLEME VAN KINDERS IN ENKELE AFWYKENDE GEDRAGSWYSES 55

3.1. Enurese 55

3.2. Hakkel 57

3.3. Weglopery 60

4. SAMEVATTING 62

HOOFSTUK VI

DIE WAARNEMINGSKOMITEE SE SAMESTELLING EN FUNKSIE MET BESONDERE AANDAG AAN DIE IDENTIFISERING VAN BEHOEFTES BY KINDERS 64

1. DIE SAMESTELLING VAN DIE WAARNEMINGSKOMITEE 64

2. SPANBENADERING EN PROSEDURES IN DIE WAARNEMINGSKOMITEE 65

2.1. Spanbenadering soos toegepas in Monument veiligheidsplek 65

2.2. Voorgeskrewe prosedures by waarnemingskomitees 66

3. DIE FUNKSIES VAN DIE LEDE VAN DIE WAARNEMINGSKOMITEE 68

4. DIE ROL EN FUNKSIE VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER 69

5. BESONDERE MAATREëLS EN PROSEDURES IN VERBAND MET WAAR=NEMINGSGEVALLE SOOS IN WERKING GESTEL BY MONUMENT VEILIGHEIDSPLEK 71

6. DIE KIND IN DIE VEILIGHEIDSPLEK AS INDIWIDU 71

7. SAMEVATTING 75

HOOFSTUK VII

DIE VERSORGING EN BEHANDELING VAN DIE KIND IN MONUMENT VEILIGHEIDSPLEK 77

1. DIE BESTAANDE FASILITEITE VIR DIE VERSORGING VAN KINDERS IN MONUMENT VEILIGHEIDSPLEK 77

1.1. Personeel verbonde aan die veiligheidsplek 77
1.2. Geboue 82
1.3. Toerusting 83

2. DIE ALGEMENE VERSORGING EN DIE BEHANDELING VAN KINDERS IN MONUMENT VEILIGHEIDSPLEK 85

2.1. Godsdiens en die kind in die veiligheidsplek 85
2.2. Die opvoedkundige versorging van die kind in die veiligheidsplek 87
2.3. Die kulturele versorging van die kind in die veiligheidsplek 88
2.4. Die dissipline en tug van die kind in die veiligheidsplek 88
2.5. Die ordelikheid en netheid van die kind in die veiligheidsplek 91
2.6. Die spel van die kind in die veiligheidsplek 92
2.7. Die vrye tyd en konstruktiewe vryetydsbesteding van die kind in die veiligheidsplek 93
2.8. Die mediese versorging van die kind in die veiligheidsplek 95

3. SAMEVATTING 97

HOOFSTUK VIII

DIE VEILIGHEIDSPLEK AS SENTRUM VIR DIE EVALUASIE VAN MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING, DIE VERSORGING EN BEHANDELING VAN DIE KIND, 'N SAMEVATTING, EVALUASIE EN SLOT.

SAMEVATTING EN AANBEVELING 104

LITERATUURLYS 106

TABELLE

TABEL 1 17

TABEL 2 71

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1. DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Gedurende ondersoeker se voorgraadse studiejare het hy by 'n kinderhuis ingewoon, maar sonder enige besondere taak of verantwoordelikheid teenoor die kinders in die kinderhuis. Na voltooiing van sy voorgraadse studies, was hy as maatskaplike werker by die Departement van Vokswelsyn en Pensioene werksaam en dus direk gemoeid met kinders wat op maatskaplikewerk-dienste van een of ander aard toegewys was. Nog later het hy as superintendent van 'n veiligheidsplek, direkte verantwoordelikheid gehad ten opsigte van die kinders wat ingevolge 'n hofbevel in die inrigting aangehou is.

In die verskillende hoedanighede was dit moontlik om sorgbehoewende en beweerde sorgbehoewende kinders in verskillende situasies waar te neem. Dit was opvallend dat baie van die kinders sekere gedragstendense getoon het soos 'n soeke na sekuriteit, gebrek aan selfvertroue, die nie-aanvaarding van 'n gesagsfiguur en selfs 'n wantroue in en antagonisme teenoor maatskaplikewerk-dienste en maatskaplike werkers. Hierdie verskynsel het so algemeen voorgekom dat dit gelei het tot die vraag, waarom die verskynsels nie reeds vroeër in die proses van behandeling effektief aandag kon geniet het nie.

Dit is in die kinders se eie belang dat dié probleme en behoeftes in 'n vroeë stadium blootgelê en behandel word. Indien dit nie die geval is nie, kan verwag word dat hulle moontlik nooit heeltemal ontslae kan raak nie van die nagevolge van traumatiese ervarings wat hulle as jong kinders in 'n krisistyd beleef het.

'n Aansienlike getal kinders wat ingevolge 'n bevel van die Kinderwet, 1960, uit hulle gesinsverband verwyder word, word vir 'n tydperk in 'n veiligheidsplek aangehou. Die doel van die veiligheidsplek was aanvanklik hoofsaaklik beperk tot die tydelike versorging van dié kinders. Mettertyd is 'n meer omvattende rol aan veiligheidsplekke toegeken wat onder andere ook diagnose insluit.

Alles inaggenome beklee die veiligheidsplek (waarnemingsentrum) 'n besondere sleutelrol met betrekking tot die vroeë diagnose van probleme en behoeftes en behandeling van die kinders.

## 2. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die titel van die verhandeling gee reeds 'n duidelike aanduiding van die doel van die ondersoek. Ten einde die doel duideliker te omskryf word daar op die volgende punte gelet:

2.1. Die veiligheidsplek as hulpmiddel vir die diagnose van probleme en bepaling van behoeftes by kinders.

2.2. Om aandag te gee aan die behandeling wat die kinders ontvang.

2.3. Om vas te stel of bogenoemde dienste effektief is.

2.4. Om aandag te gee aan die funksionering van 'n bepaalde veiligheidsplek naamlik Monument veiligheidsplek en plek van bewaring.

Die doel van die ondersoek is beslis nie om die laaste woord te spreek oor die funksionering van 'n veiligheidsplek nie, maar is om die kind as kliënt in die sentrum te stel en vandaar die huidige werking van veiligheidsplekke te evalueer met die oog op die effektiewer gebruikmaking van die veiligheidsplek.

## 3. DIE AFBAKENING VAN DIE TERREIN VAN ONDERSOEK

In die ondersoek gaan dit om 'n bepaalde soort kinderinrigting met 'n historiese agtergrond wat 'n bepaalde ontwikkelingsproses deurloop het.

Kinders wat as gevolg van bepaalde omstandighede deur middel van 'n bevel van 'n kinderhof in die veiligheidsplek opgeneem is, is hier ter sprake. Hierdie kinders met hulle besondere probleme en behoeftes sal deurgaans die sentrale plek inneem. Bepalings, prosedures en dienste sal dus uiteraard kliëntgesentreerd benader word.

Die tydperk van aanhouding van die kinders in die veiligheidsplek is 'n onderdeel van 'n meer omvattende proses van aandag aan die kind. Die aandag vóór die kind se verwydering en ná sy ontslag uit die inrigting is nie minder belangrik as die tydperk van aanhouding in die veiligheidsplek nie. Al die aspekte kan egter nie in hierdie ondersoek volledig aandag ontvang nie.

Voorkomingsdienste, dit wil sê die dienste wat gelewer word om die verwydering van die kind te verhoed is belangrik maar kan binne die raamwerk van die ondersoek slegs terloopse aandag geniet. Dit word tog as noodsaaklik geag dat daar duidelikheid sal bestaan oor die algemene kenmerke van die gesinsagtergrond van hierdie kinders, maar dan veral met die oog op die invloed daarvan op die kind. Die verwydering van die kind na die veiligheidsplek, die wyse waarop dit gedoen word is die beginpunt van die ondersoek met sy ontslag as die eindpunt.

Bepaalde persone is verantwoordelik vir die verwydering, plasing, versorging, evaluasie en behandeling van hierdie kinders. Daar sal dus aandag aan hierdie persone gegee word.

## 4. METODE VAN ONDERSOEK

'n Literatuurstudie vorm 'n belangrike deel van die ondersoek. Die ontstaan en ontwikkeling van veiligheidsplekke en waarnemingsentrums is uit die aard van die saak hoofsaaklik aangeteken in amptelike stukke van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Ander voorskrifte met betrekking tot die hantering van die kinders wat ter sprake is, beginsels wat in ag geneem word, prosedures wat gevolg moet word en ander vereistes wat gestel word, word verkry vanuit amptelike stukke van bogenoemde departement. Ander belangrike bronne is literatuur wat betrekking het op faktore wat 'n rol speel by die ontwikkeling, algemene maatskaplike funksionering en remediëring van wanfunksionering van kinders. Ondersoeke soos vervat in verhandelings, proefskrifte en ander publikasies

wat verband hou met die terrein van hierdie ondersoek is ook belangrik.

Die funksionering van die veiligheidsplek as waarnemingsentrum is 'n aspek waaroor daar weinig gepubliseer is. Gevolglik is daar in die verband onderhoude gevoer met verskillende persone wat op een of ander wyse besondere kennis dra van die aspek.

Die ervaring wat die ondersoeker self gehad het met die hantering van kinders as maatskaplike werker, het uit die aard van die saak 'n belangrike rol gespeel in die verkryging van kennis, insig en die formulering van sekere standpunte.

As amptenaar in diens van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, is goedkeuring verkry om hierdie ondersoek as goedgekeurde projek van die Departement te onderneem. Dit impliseer dus dat die ondersoek binne 'n toegelate raamwerk gedoen moes word. Ondersoeker het beoog om sekere empiriese gegewens deur middel van skedules in te samel van kinders wat in die Monument veiligheidsplek opgeneem is en van maatskaplike werkers wat met dié kinders se verwydering te make gehad het. Departementele toestemming om inligting op dié wyse in te samel kon egter nie verkry word nie. As gevolg hiervan moes die beplanning asook sekere fokuspunte van die ondersoek noodwendig aangepas word.

Daar moet egter op gewys word dat hierdie ondersoek afgehandel is nadat ondersoeker die diens van die Departement verlaat het. Daarom kan die navorsing nie in alle opsigte as departementele projek beskou word nie.

## 5. OMSKRYWING VAN KERNBEGRIPPE

Om enige verwarring uit die weg te ruim met betrekking tot begrippe wat gebruik word, is dit noodsaaklik dat aandag gegee word aan die sistematiese omskrywing van enkele kernbegrippe.

### 5.1. Sorgbehoewende kind

Die "Woordeboek vir Maatskaplike Werk" omskryf dié

begrip soos volg: "Kind wat volgens 'n bevinding van die kinderhof onder omstandighede lewe wat vir sy liggaamlike, geestelike en maatskaplike ontwikkeling en welsyn nadelig is, of oor wie die ouer of voog nie behoorlike beheer kan uitoefen nie." (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1971, p. 32).

Hierdie definisie omvat die beeld van die sorgbehoewende kind soos breër omskryf in artikel 1(XXXV) Wet 33 van 1960 (Die Kinderwet, 1960).

5.2.Veiligheidsplek

Hierdie begrip kan omskryf word as: "Inrigting kragtens die Kinderwet opgerig, of ander geskikte plek vir die tydelike opneming, versorging en behandeling van kinders wat by kinderhofverrigtinge betrokke is, in afwagting van 'n vaste reëling." (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1971, p.64).

Afgelei vanuit hierdie definisie blyk dat met dié inrigting bedoel word 'n plek waar die kind se probleme en behoefte aan behandeling vir sy probleem bepaal sal word. Dit impliseer ook verder dat die inwoners van sodanige inrigtings uit die aard van die saak in 'n groot mate bepaalde gemeenskaplike behoeftes en probleme sal openbaar asook dat hierdie persone spesifieke behandeling sal ontvang langs 'n gesistematiseerde behandelingsproses.

5.3.Waarnemingsentrum

Met 'n waarnemingsentrum word bedoel: "Plek waar kind in bewaring gehou word vir die diagnosering van sy probleme en die bepaling van die behandeling wat nodig geag word." (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1971, p.29).

Met inagneming van bogenoemde definisie asook die betekenis van die woord "diagnose" blyk dat die doel van dié sentrum ingestel is om die kind te onderwerp

aan 'n "Proses wat bestaan uit die organisering, ont-leding en samevoeging tot 'n geheel van die studie materiaal waaruit die (maatskaplike) werker die aard van die kliënt en sy probleem bepaal; ook: slotsom waartoe langs die weg geraak word." (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1971, p.12).

Dit blyk dat die doel van die waarnemingsentrum primer dié is van diagnosering, en bepaling van die behandeling vir die kind is. Wanneer daar op die omskrywing van die begrip diagnose gelet word, blyk dit dat die maatskap-like werk hier 'n sleutelrol het om te vertolk. Diagnose bly 'n sleutelbegrip in albei die begripomskrywings terwyl die beplanning van die behandeling slegs toegedig word aan die waarnemingskomitee. Die maatskaplike werker het 'n besonder taak om te diagnoseer en vervul dus 'n sleuteltaak.

5.4. Maatskaplike werk

Met maatskaplike werk word bedoel: "Social work is con-cerned with the interactions between people and their social environment which affect the ability of people to accomplish their life tasks, alleviate distress, and realize their asperations and values. The purpose of social work therefore is to (1) enchance the problem-solving and coping capacities of people, (2) link people with systems that provide them with resources, services, and opportunities; (3) promote the effective and human operation of these systems, and (4) contribute to the development and improvement of social policy (Pincus and Minhan, 1973, p.9) Dit blyk dus dat die maatskaplike werk en profesie homself ten doel stel om die mens met inagneming van sy besondere behoeftes in staat stel om tot verbetering van sy maatskaplike funksionering.

## 6. AANBIEDING VAN NAVORSINGSRESULTATE

Ter aanvang word gelet op die ontstaan van veiligheidsplekke, plekke van bewaring en waarnemingsentrums asook die ontwikkeling

van die inrigtings tot een geïntegreerde inrigting met verskeie funksies, waarin kinders om verskillende redes en met verskillende doelwitte voor oë opgeneem word.

Aandag word ook gegee aan die opname van kinders wat in die veiligheidsplek aangehou word hangende 'n verslag deur die maatskaplike werker aan die kinderhof, op grond waarvan oor die toekoms van die kind besluit moet word. Die wetlike prosedure en voorskrifte wat in die verband bestaan, is ook hier van belang.

Voorts word gelet op die algemene kenmerke, dit wil sê die probleme en behoeftes van kinders wat afkomstig is uit gesinne wat gekenmerk is deur maatskaplike wanfunksionering, wat so dikwels die rede is waarom die kinders uit hulle ouerhuise verwyder moes word.

Die identifisering van verwagte behoeftes en probleme van kinders in die veiligheidsplek op grond van hulle gesinsagtergrond kom vervolgens aan die beurt. Probleme wat ontstaan as gevolg van die verwydering asook enkele besondere gedragsafwykings, word bespreek.

Met die voorafgaande as agtergrond kom die rol van die waarnemingskomitee onder die soeklig asook die besondere maatreëls wat in Monument veiligheidsplek getref word met die oog op die identifisering van persoonlike behoeftes en probleme by die kind.

Die versorging en behandeling van die kind in die veiligheidsplek in die algemeen en in Monument veiligheidsplek in besonder, kry vervolgings aandag. Voorskrifte in die verband, die voorsiening van besondere behoeftes van kinders en die behandeling van enkele gedragsprobleme by kinders kry ook aandag.

Ten slotte word daar 'n samevatting en aanbevelings gegee.

# HOOFSTUK II

## DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN VEILIGHEIDSPLEKKE, PLEKKE VAN BEWARING EN WAARNEMINGSENTRUMS

In hierdie hoofstuk word gelet op die ontstaan van veiligheidsplekke, plekke van bewaring en waarnemingsentrums asook die ontwikkeling van dié inrigtings tot een geïntegreerde inrigting. Verder word daar ook aandag gegee aan die verskeie funksies van die inrigtings waarin die kinders om verskillende redes en met verskillende doelstellings opgeneem word.

### 1. KINDERHUISE AS VERSORGINGSOORD VIR KINDERS

Die eerste kinderinrigting in Suid-Afrika het tot stand gekom in 1814. Dit was die Suid-Afrikaanse Weeshuis in Kaapstad onder die gesamentlike bestuur van persone uit die Nederduits Gereformeerde en Lutherse kerke. Soos die naam aandui, was die doel om voorsiening te maak vir weeskinders, en die statute het 'n bepaling bevat dat sulke kinders uit wettige huwelike gebore moes wees (Theron, 1947, pp. 17-18). Die inrigting het sy ontstaan dus te danke aan die besondere behoefte aan beskerming en versorging van die weeskind.

Volgens Kempff is die oorlogsjare van 1899 - 1902 verantwoordelik vir 'n groot staat in die oprigting van weeshuise. Na die Eerste Wêreldoorlog kom daar dan ook verskeie tehuise vir kinders in verskillende dele van die land tot stand. Die griepepidemie het ook 'n invloed gehad op die daarstelling van kinderhuise (Theron, 1947, p.19). Die getal inrigtings het geweldig toegeneem.

Die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), maak onder ander voorsiening vir die versorging van sorgbehoewende kinders. Die Wet maak ook voorsiening vir die aantelling van kommissarisse van kindersorg en kinderhowe, die beskerming van jong kinders, voorkoming van verwaarlosing, mishandeling en uitbuiting van kinders, die wyse waarop daar met sorgbehoewende en sekere ander kinders gehandel kan word asook maatreëls vir die aanneming van kinders.

Die Wet maak verder voorsiening vir die daarstelling van veiligheidsplekke, plekke van bewaring, nywerheidskole, verbeteringskole, kinderhuise, versorgingsoorde, waarnemingsentrums en wetsbesteding van kinders. Daar word ook voorsiening gemaak vir die uitreiking van kontribusie-orders. Die doel van die Wet is dus om die kind te beskerm.

Met die besondere waarde wat deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene geheg word aan die versorging van die kind, is die kinderhuise wat ingevolge artikel 42 (3) van die Kinderwet, 1960, geregistreer is, onderhewig aan inspeksies van die Departement. Uit die omskrywing van die begrip "kinderhuis" wat verstaan word as "enige verblyfplek of tehuis (uitgesonderd 'n nywerheid- en verbeteringskool) wat in stand gehou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as ses kinders of leerlinge weg van hulle ouers vir tydperke van korter of langer duur ..." (Departement Volkswelsyn en Pensioene, Verslag vir tydperk 1962 tot 1964, p.39), is dit duidelik dat die versorging, opvoeding en beskerming voorop staan.

Die aanvanklike versorging van die kind in die sogenaamde weeshuise, was permanent of redelik permanent van aard gewees. Hierdie permanente versorging van kinders in inrigtings of by pleegouers, is egter mettertyd verander tot die meer tydelike aard van versorging van die kinders. (Vgl. artikel 46 van die Kinderwet, 1960).

Die doel van die kinderhuise is in die praktyk, tenspyte van wetlike bepalings, vandag nog hoofsaaklik om die kinders vir 'n redelike lang termyn buite die gesinsverband te versorg (die termyn van versorging word grootliks bepaal deur die huislike omstandighede van die ouers). Omdat dit bykans onmoontlik is dat die omstandighede van die ouers oornag kan verander, moet die kinderhuis hom daarop instel om die kinders oor 'n langer termyn te versorg.

As gevolg van die besondere huislike omstandighede van die kinders

is hulle onmiddellike verwydering uit die gesinsverband dikwels noodsaaklik. Sulke kinders kan dan tydelik aangehou word in 'n veiligheidsplek hangende die finalisering van die kinderhofondersoek en/of die aanwysing van 'n geskikte inrigting nadat die kind reeds sorgbehoewend bevind is (artikel 26 van die Kinderwet, 1960). Die kind kan ook deur 'n jeughof na die veiligheidsplek verwys word vir aanhouding (artikel 108 van die Strafproseswet, 1955 (Wet 56 van 1955).

Die tydelike inrigtingsversorging van die kinders in veiligheidsplekke is dus ten nouste verbonde aan die bestaan en werking van kinderhuise.

## 2. DIE TOTSTANDKOMING VAN VEILIGHEIDSPLEKKE, PLEKKE VAN BEWARING EN WAARNEMINGSENTRUMS

### 2.1. Veiligheidsplekke

Veiligheidsplekke het hoofsaaklik ontwikkel as gevolg van die behoefte wat daar bestaan het, vir 'n geskikte plek om kinders tydelik te versorg.

"Die geskiedenis van hierdie inrigtings in Suid-Afrika dra die tipiese ontwikkelingskaraktertrekke dat dit aan die private inisiatief oorgelaat word, of dat private inisiatief met of sonder staatsondersteuning aangemoedig word om sulke noodsaaklike maatskaplike maatreëls te tref. 'n Stadium word egter bereik waar die finansiële laste te swaar word vir die privaatvereniging of waar die dienste te gespesialiseerd raak. Dan tree die staat navore met sy wetenskapsgeoriënteerde personeel, sy beter voorsiening wat geboue betref, sy groter fondse en neem die dienste oor en bou voort op die dienste en fondamente wat die privaat onderneming gelê het" (Departement Volkswelsyn, Verslag vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949, p.48).

Die besondere aandeel wat die privaatinisiatief gehad het by die totstandkoming van sodanige inrigtings, is dus

baie belangrik en het as grondslag gedien vir die totstandkoming van die staatsbeheerde veiligheidsplekke.

Die aanhouding in die veiligheidsplek is tydelik van aard, daarom word daar ingevolge artiekl 33 van die Kinderwet, 1960, aanhoudingsorders vir 'n termyn van 14 dae uitgereik. (Die praktyk toon egter dat hierdie termyn van aanhouding langer duur as 14 dae. Later sal daar aandag aan die aspek gegee word).

In die Kinderwet, 1960, kan daar ingevolge artikel 38(1)(a), 'n veiligheidsplek opgerig word en in stand gehou word. Artikel 26 van dié Wet meld dat 'n polisiebeampte, proefbeampte of 'n daartoe gemagtigde persoon, 'n kind na 'n veiligheidsplek kan verwyder indien hy redes het om te vermoed dat die kind 'n sorgbehoewende kind is, soos omskryf in artikel 1 van die genoemde Wet, of dat 'n misdryf soos in die eerste bylae van die Wet, te wete ontvoering, kinderdiefstal, aanranding, geslagsmisdryf, liggaamlike besering en enige misdryf in verband met beskermde jong kinders, teen die kind gepleeg is.

Ingevolge artekel 27 kan die kommissaris van kindersorg gelas dat 'n buite-egtelike jong kind (onder sewe jaar) wat sonder die kommissaris se toestemming weg van sy moeder onderhou word, of 'n jong kind wat in omstandighede verkeer wat nadelig is vir sy welsyn, na 'n veiligheidsplek geneem kan word.

Artikel 28 meld dat die hof kan gelas dat 'n kind na 'n veiligheidsplek verwyder kan word indien dit tydens 'n hofsaak aan die lig kom dat 'n misdryf soos vermeld in die eerste bylae van die Wet, teen die kind gepleeg is.

'n Kommissaris van kindersorg kan gelas dat 'n kind in 'n veiligheidsplek aangehou word indien uit 'n beëdigde verklaring blyk dat 'n misdryf, soos vermeld in die eerste bylae van die Wet, teen die kind gepleeg is, aldus artikel 29 van die Wet.

Die definisie van die veiligheidsplek meld duidelik dat die kind binne die inrigting, versorg en behandel moet word, afgesien van die

tydelikheid van die kind se verblyf in die veiligheidsplek.

Die funksies van hierdie inrigting is daarop ingestel om die kind, wat afkomstig is vanuit omstandighede wat 'n skadelike invloed op hom gehad het of mag hê, te versorg en te behandel. Die kinders word nietemin tydelik in hierdie inrigting gehuisves.

Samevattend is die doel van die inrigting die tydelike versorging en behandeling van die kind wat uit sy ouerhuis verwyder is hangende 'n beslissing oor die kind se toekoms.

## 2.2. Plekke van bewaring

Wat van besondere belang is, is om te let op die feit dat veiligheidsplekke en plekke van bewaring, aanvanklik aparte inrigtings was. Veiligheidsplekke is deur die Unie Onderwys Departement geadministreer, terwyl plekke van bewaring onder die polisie geresorteer het. (Departement Volkswelsyn, Verslag vir die boekjare 1937 tot 1939, p.70). Die plekke van bewaring is bedoel om die jeugdige wat hom skuldig gemaak het aan een of ander misdaad, in aan te hou.

Die naam "plek van bewaring" dui daarop dat hierdie kinders in veilige bewaring gehou moet word, hangende 'n finale beslissing.

Die doel en funksie van die inrigting word aangetoon deur die omskrywing van die begrip van plek van bewaring as: "Inrigting kragtens die Kinderwet opgerig of plek goedgekeur vir die opneming en aanhouding van kinders wat by strafsake betrokke is, in afwagting van hulle verhoor of vonnis of van hulle verwydering na 'n verbeteringskool." (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1971, 9.50).

Die doel en funksie van hierdie inrigting is dus primêr om die kind in veilige bewaring te hou..

Die toestand dat veiligheidsplekke en plekke van bewaring deur twee staatsdepartemente beheer was, het verander met die same=

voeging van die twee inrigtings in een inrigting onder beheer van een staatsdepartement.

2.3. Die veiligheidsplek en plek van bewaring saamgevoeg in een inrigting

Die volgende aanhaling toon die rede waarom daar oorgegaan is tot die samevoeging van 'n veiligheidsplek en plek van bewaring in een inrigting: "In die loop van die jare, en as gevolg van die nuwe gesigspunt waaruit die probleem insake jeugmisdaad benader is, het die verskil tussen verwaarloosde en onaanpasbare kinders (dit wil sê sorgbehoewende kinders) en jong oortreders, soos weerspieël is deur die verdeling van die verantwoordelikheid vir veiligheidsplekke en plekke van bewaring, minder duidelik geword, en op die oomblik word hierdie twee groepe as twee aspekte van dieselfde probleem beskou. Sielkundig toon hulle nie opvallende verskille nie en omdat die oorsake van hulle toestande gewoonlik dieselfde is, hetsy armoede, verwaarlosing, gebrek aan, of onverskilligheid van, ouerlike gesag, of ander faktore, volg daaruit dat hulle behandeling noodwendig dieselfde moet wees." (Departement Volkswelsyn, Verslag vir die boekjare 1937 tot 1939, p.70).

Tans word plekke van bewaring opgerig en in stand gehou vir die veilige bewaring van kinders ingevolge artikel 38 van die Kinderwet, 1960.

Artikel 108(1) van die Strafproseswet, 1955 meld dat 'n jeugoortreder, dit wil sê iemand onder die ouderdom van 18 jaar wat aan enige misdryf behalwe halsmisdrywe of 'n oortreding van die bepaling van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950), aangekla word, in afwagting van sy verhoor of verdere verhoor in 'n veiligheidsplek geplaas kan word.

Ingevolge artikel 342(4) van die Strafproseswet, 1955 kan iemand onder die ouderdom van 18 jaar wat na 'n verbeteringskool verwys is, in 'n plek van bewaring óf veiligheidsplek aangehou word

hangende sy verwydering na die verbeteringskool.

Dit is opvallend dat in beide artikel 108 en artikel 342(4) van die Strafproseswet, 1955, die term "veiligheidsplek" voorkom terwyl, streng gesproke volgens omskrywing van die betrokke twee begrippe daar in der waarheid bedoel word "plek van bewaring."

Daar bestaan tans die volgende veiligheidsplekke en plekke van bewaring wat kinders van beide geslagte en (met uitsonderings soos aangetoon) kinders van alle ouderdomme tot 18 jaar toelaat:-

| | |
|---|---|
| Kaapstad | - Tenderton |
| Port Elizabeth | - Protea |
| Bloemfontein | - Monument |
| Boksburg-Noord | - Jubileum tehuis (slegs kinders van geboorte tot 12 jaar.) |
| Germiston | - Normanhuis |
| Pretoria | - Glendellin |

## 2.4. Waarnemingsentrums

Die prosedure wat ooreenkomstig die Kinderwet, 1937, in verband met kinders gevolg is, het nie voorsiening gemaak vir enige spesiale waarneming van 'n kind nie. As gevolg van besondere leemtes wat in laasgenoemde wet bestaan, is die Wet in hersiening geneem. Die gevolg hiervan was 'n nuwe gekonsolideerde wet wat deur die parlement geloods is, naamlik die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960). Dit het die Kinderwet van 1937 vervang. Hierdie Wet het belangrike wysigings bevat waaronder die magtiging vir instelling van waarnemingsentrums.

Die doel van dié sentrums word soos volg geformuleer:
"... om voorsiening te maak vir kinders wat gedragsprobleme openbaar en om met waarneming deur 'n span spesialiste in 'n veiligheidsplek en plek van bewaring die besondere behoeftes van sodanige kinders te bepaal en te besluit oor die vorm van behandeling wat in elke besondere geval toegepas behoort te word" (Departement Volkswelsyn en Pensioene, Verslag vir

die tydperk 1959 - 1962, p.24.)

Die aanhoudingsorder vir die waarneming van 'n kind in 'n waarnemingsentrum verskil aansienlik van 'n aanhoudingsorder vir sorgbehoewende kinders of jeugdige oortreders. Die kind word spesifiek vir waarneming verwys en die tydperk vir waarneming word bepaal deur 'n bepaalde artikel van die Kinderwet, 1960.

Ingevolge artikel 48 (bis) van die Kinderwet, 1960, kan 'n kind vir 'n maksimum tydperk van ses maande, in 'n waarnemingsentrum aangehou word. Die kind kan sorgbehoewend bevind word en ingevolge artikel 31(7) van die genoemde wet vir waarneming gestuur word met die oog op die uiteindelike meer permanente plasing van die kind. in ander sorg. Artikel 33 van dié Wet bepaal die tydperk van die bevel vir aanhouding as 14 dae, waarna die ondersoek uitgestel kan word vir verdere tydperke van 14 dae of verdaag kan word.

Die eerste veiligheidsplek wat deur die Minister van Volkswelsyn en Pensioene as waarnemingsentrum goedgekeur is, is die Glendellin-veiligheidsplek, Pretoria en wel op 1 Augustus 1961. Hierna het die volgende waarnemingsentrums gevolg:-

Excelsior te Durban op 18 April 1962;
Normanhuis te Johannesburg op 15 Junie 1962;
Tenderton te Kaapstad op 12 September 1962;
Protea te Port Elizabeth op 24 Junie 1963;
Monument te Bloemfontein op 24 Junie 1963;
Jubileum te Boksburg maak gebruik van die waarnemingsfasiliteite van Normanhuis, Johannesburg.
(Departement van Volkswelsyn en Pensioene, No.8 van 1964, p.2).

Hierdie sentrums is 'n baie belangrike diagnostiese hulpmiddel vir maatskaplike werkers. Die diens deur waarnemingsentrums behoort dus 'n positiewe bydrae te kan lewer tot die dienste wat aan die kind en sy ouers gelewer word. Dit stel die

maatskaplike werker in staat om 'n volledige diagnose en prognose van die kind se probleem te kan maak, daar die kind deur persone uit verskeie dissiplines waargeneem en behandel word en die waarnemingsresultate dan geïnterpreteer en saamgevoeg kan word met die gevolg dat 'n volledige beeld van die kind verkry kan word.

## 3. DIE HUIDIGE BELEID MET BETREKKING TOT VEILIGHEIDSPLEKKE, PLEKKE VAN BEWARING EN WAARNEMINGSENTRUMS

Die bestaande beleid met betrekking tot die tydperk van aanhouding van kinders in staatsveiligheidsplekke en plekke van bewaring word as volg aangedui: "Die standpunt van die departement is dat 'n kind in 'n plek van veiligheid en bewaring so spoedig moontlik in sy bestemde sorg geplaas moet word .... Die aanhouding van 'n kind langer as 'n maand word as ongewens beskou en behoort nie sonder goeie gronde toegelaat te word nie" (Departement van Volkswelsyn, 1958, Handleiding in verband met die administrasie van plekke van veiligheid en bewaring, p.4).

Om te bepaal of daar uitvoering aan die beleid gegee word, word vervolgens gelet op werklike die tydperk van aanhouding van kinders in veiligheidsplekke en plekke van bewaring.

TABEL 1

TYDPERK VAN AANHOUDING VAN KINDERS IN VEILIGHEIDSPLEKKE EN PLEKKE VAN BEWARING SOOS OP DATUM VAN ONTSLAG GEDURENDE DIE TYDPERK 1 JANUARIE 1976 TOT 1 JUNIE 1976 1)

| TYDPERK VAN AANHOUDING | GETAL KINDERS ONTSLAAN 2) | PERSENTASIE KINDERS ONTSLAAN |
|---|---|---|
| minder as een maand | - | 37,71% |
| een tot twee maande | - | 13,98% |
| twee tot drie maande | - | 11,44% |
| drie tot vier maande | - | 9,11% |
| vier tot vyf maande | - | 7,63% |
| vyf tot ses maande | - | 6,78% |
| ses tot sewe maande | - | 4,45% |
| sewe tot agt maande | - | 2,33% |
| agt tot nege maande | - | 1,17% |
| nege tot tien maande | - | 1,27% |
| tien tot elf maande | - | 2,12% |
| elf tot twaalf maande | - | 1,59% |
| twaalf maande en langer | - | 0,42% |
| TOTAAL | 944 | 100,00% |

Na ontleding van die gegewens in tabel 1, blyk dat die grootste enkele groep kinders, naamlik 37,71% vir 'n tydperk van minder as 'n maand in die veiligheidsplek aangehou is. Dit blyk ook verder dat die persentasie kinders wat vir 'n tydperk van langer as een maand aangehou word 'n afname toon sodat daar slegs 0,42% van die kinders vir 'n tydperk van 12 maande en langer aangehou is.

1) Die gegewens is op 13 Desember 1976 persoonlik deur ondersoeker van die onderafdeling Navorsing en Statistiek, Dept. Volkswelsyn en Pensioene verkry en wel uit die maandelikse opgawes deur veiligheidsplekke met die oog op die opstel van jaarverslae.

2) Geen gegewens met betrekking tot die getal kinders wat ontslaan is kon verstrek word nie.

Dit is verder van belang om daarop te let dat byna die helfte van die kinders naamlik 48,31% vir tydperke van twee maande en langer aangehou is voor hulle ontslaan is. Meer as 27,76% van die kinders is vir 'n tydperk van vier maande en langer aangehou.

Afgesien van verskeie redes waarom kinders vir 'n redelike lang termyn in die veiligheidsplek aangehou word, is dit noodsaaklik om daarop te let, veral met inagneming van die kinders se besondere gesinsagtergrond dat hulle besondere behoeftes en probleme het. Terwyl so 'n groot persentasie van hierdie kinders vir 'n tydperk van langer as een maand in veiligheidsplekke aangehou word, is dit noodsaaklik en in belang van die kind as indiwidu, dat daar oor die nodige feitekennis oor die agtergrond, probleme en behoeftes van die kind beskik moet word. Hierdie besonderhede is ook noodsaaklik om 'n prognose te bepaal ten einde te verseker dat die beste besluit geneem sal word met betrekking tot die toekoms van die kind. Die noodsaaklikheid vir deeglike effektiewe diagnostiese en behandelingsdienste in die veiligheidsplek is dus 'n noodwendige noodsaaklikheid. Hierdie siening sluit nou aan by die definisie van 'n veiligheidsplek dat dit 'n inrigting is ".... vir die tydelike opneming, versorging en behandeling van kinders ...." (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1971, p.64).

Dit is nodig om daarop te let dat aanhoudingsorders aan veiligheidsplekke uitgereik word vir 'n tydperk van 14 dae op 'n keer en vir waarneming nie langer as ses maande nie. (vgl. artikel 33, 31(7) en 48(bis) van die Kinderwet, 1960). Daar word klem gelê op die tydelike aanhouding van die kind. Die vraag is egter wat gebeur as die behoeftes van die kind sodanig is dat langer en moontlik intensiewer aandag aan die behoeftes van die kind gegee moet word? Later sal daar aandag aan die aspek gegee word.

Die beleid wat deur die staat gevolg word met betrekking tot die versorging en behandeling van die kind in die veiligheidsplek, is

dat daar volle verantwoordelikheid deur die inrigting vir die fisiese, sosiale en geestelike versorging van die kind aanvaar moet word, ongeag die tydelike aanhouding van die kind. (vgl. Theron, 1975, p.1).

Ten einde die administrasie van die inrigtings vlot te laat verloop is daar deur die departement van Volkswelsyn en Pensioene 'n handleiding in die verband uitgegee. Hierdie handleiding dek die volgende onderwerpe; opname, bewaring, versorging en verwydering van kinders, persoonlike en inrigtingshigiëne.en gesondheidsdienste. Die beheer en aankoop van voorrade en dienste, personeelaangeleenthede en algemene administrasie. (Vgl. Departement Volkswelsyn, Handleiding in verband met die administrasie van plekke van veiligheid en bewaring, 1958).

4. SAMEVATTING

Die bestaande kinderhuise het ontstaan vanuit die sogenaamde weeshuise. Hierdie weeshuise het voorsiening gemaak vir redelik permanente versorging van weeskinders. Namate daar ontwikkeling gekom het op die gebied van kindersorg het die kinderhuise gevolg. Hierdie kinderhuise maak voorsiening vir die versorging van kinders totdat die huislike omstandighede sodanig is dat die kind in die ouer se sorg herstel kan word. Die doel van die versorging van hierdie kinders is tans minder permanent van aard.

Die kinderhuis kon, as gevolg van sy doelstellings, nie voorsien in 'n behoefte om 'n kind vir kort tydperke te versorg nie. Hierdie korttermyn-versorging van kinders vind plaas ná die verwydering van die kind uit die gesin, hangende 'n finale beslissing oor die kind se toekoms. Die tydelikheid van die versorging van die kind in dié tipe inrigting staan duidelik voorop, alhoewel die kinders binne die veiligheidsplek en plek van bewaring "versorg en behandel moet word".

Uit die ontleding van die statistiese gegewens blyk dat die beleid van die staat met betrekking tot die tydelike aanhouding van kinders in veiligheidsplekke nie in die praktyk uitgevoer word nie. Die rede hiervoor kan aan verskeie faktore toe=

geskryf word. Dit lê egter buite die terrein van ondersoek. 'n Redelike persentasie van die kinders word gedurende die eerste maand ontslaan, naamlik 37,71% Byna die helfte van hierdie kinders, naamlik 48,31%, is vir die tydperke van twee maande en langer aangehou en meer as 27,76% vir 'n tydperk van vier maande en langer aangehou. Hierdie kinders is gedurende die tydperk van aanhouding die verantwoordelikheid van hierdie inrigtings.

Aanvanklik was daar 'n onderskeid gewees tussen veiligheids-plekke en plekke van bewaring. Die ontwikkeling op die gebied van kindersorg het tot gevolg gehad dat hierdie inrig-tings - geen onderskeid word gemaak tussen die kind met misdadige gewoontes en die ander kinders in die inrigting nie. Die af-sondering van die misdadige kind van die ander kinders in die inrigting hang (soos trouens by elke afsonderlike kind) af van die kind se besondere gedrag en optrede asook behoeftes.

Waarnemingsentrums was 'n verdere byvoeging tot die versorging van kinders. Hierdie tipe inrigting is ook gekombineer met veiligheidsplekke en plekke van bewaring. Die doel van die sentrums is om kinders met gedragsafwykings deur 'n span profes-sionele persone te laat diagnoseer en 'n plan van behandeling daar te stel. (Vgl. p. 14 van hierdie verhandeling).

Die maatskaplike werker is die persoon wat in die eerste plek verantwoordelik is om uitvoering te gee aan die taak om die kind uit die gesinsverband te verwyder en te plaas in 'n inrigting, as 'n hulpmiddel, ten einde uitvoering, aan 'n bepaalde plan van behandeling te gee.

Alhoewel al drie die inrigtings in een einrigting gekombineer word, word daar geen onderskeid tussen die verskillende kinders gemaak nie. Slegs die oorsprong van aanhoudingsorders van die kinders asook tydperke van aanhoudingsbevele hou 'n onderskeid in.

Ten einde vas te stel op watter wyse die kinders toegelaat, ontvang, ingeskakel en versorg word, word daar in die volgende hoofstuk aandag aan dié aspek gegee.

# HOOFSTUK III

## DIE TOELATING, ONTVANGS EN INSKAKELING VAN KINDERS IN DIE VEILIGHEIDSPLEK

Ten einde 'n volledige beeld te kry van die hantering van die kind na verwydering uit gesinsverband word daar aandag gegee aan die opname van die kind in 'n veiligheidsplek.

In hierdie hoofstuk word daar in ooreenstemming met die doel (en titel) van die verhandeling gekonsentreer op die kind wat na 'n veiligheidsplek verwys word vir aanhouding hangende 'n verslag deur die maatskaplike werker aan die kinderhof, op grond waarvan oor die toekoms van die kind besluit moet word. In samehang met die voorafgaande sal ook gelet word op wetlike voorskrifte, ander verordeninge asook toepaslike aspekte van die kindersorgbeleid.

### 1. KINDERSORGBELEID MET BETREKKING TOT VERWYDERING VAN KINDERS UIT HULLE GESINSVERBAND:

Dit is die uitgesproke beleid van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene dat in die hantering van gevalle waar een of ander probleem bestaan in verband met kinders, byvoorbeeld verwaarlosing of onbeheerbaarheid, daar eerstens preventiewe of voorkomingsdienste oorweeg moet word, want: "Die verwydering van 'n kind uit sy gesinsverband moet altyd die laaste uitweg wees. Dit is die Departement se beleid dat alle moontlike pogings aangewend moet word om die toestande en faktore wat verantwoordelik is vir die sorgbehoewende omstandighede van kinders uit die weg te ruim. Sodoende kan verhoed word dat kinders voor 'n kinderhof gebring en na ander sorg of bewaring verwyder word." (Departement Volkswelsyn en Pensioene, Handleiding vir indiensopleiding, Deel II, p.236).

Die normale maatskaplike funksionering van die gesin is van die aller grootste belang. Daarom word daar ook van staatsweë veel gedoen om die gesonde maatskaplike funksionering

van die gesin te bevorder en ook te voorkom dat daar wanfunksionering binne gesinsverband ontwikkel. "Sound and healthy family life is one of a nation's most valuable assets, and various provisions are aimed at preserving that asset.

" (a) Through social work services the Government co-operates closely with voluntary family and child welfare agencies in order to strenthen family life.

" (b) In approved cases the Government pays substantial subsidies on the salaries of social workers employed by family and child welfare agencies.

" (c) The Government encourages the provision of day care facilities through the payment of subsidies and provision for building loans". (Pieterse, F.P., p.48).

Die beleid lê veral klem op die algemene versorging en herstel van die gesin. "Since not all parents have the means or the ability to supply their children's material wants and to know and understand their emotional needs, social work services are provided to assist parents in need of help and to give them the necessary guidance rather than have their children institutionalized. If necessary, such services may be prescribed by order of a children's court". (Pieterse, F.P., p.48).

Om die beleid van die staat ten uitvoer te bring word dienste ingestel om die voortbestaan van die gesin te beveilig, soos onderhouds- en gesinstoelaes aan gesinne. "Om hierdie doel te bereik word daar soveel as moontlik gebruik gemaak van hulpbronne binne die gemeenskap soos byvoorbeeld die bestaansbeveiligingskemas asook hulpskemas van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene". (Departement Volkswelsyn en Pensioene, Handleiding vir Indiensopleiding, Deel II, p.237).

Voorkomingsdienste aan die gesin speel 'n baie belangrike rol in die versorging van die kind. "It is primarily the Government's task to prevent and combat neglect, ill treatment

and exploytation of children. In carrying out this responsibility the Government gives due recognition to the contribution of voluntary welfare organizations". (Pieterse, F.P., p.49).

Die Kinderwet, 1960, maak ingevolge artikel 58 voorsiening vir die instelling van proefdienste ter voorkoming en verbetering van misdadige gedrag by kinders. Die Wet het in der waarheid in sy geheel te make met die voorsiening vir die versorging en beskerming van die kind.

Die maatskaplike werker het 'n besondere groot taak en verantwoordelikheid om die beleid in verband met die versorging van kinders, ten uitvoer te bring. Deur middel van opleiding en bedrewenheid in die toepassing van die erkende metodes in die maatskaplikewerk-professie soos maatskaplike gevalle-, groep- en gemeenskapswerk, is die maatskaplike werker in staat om die indiwidu, die gesin en die gemeenskap te behandel vir sover dit betrekking het op sy maatskaplike funksionering.

Die verwydering van die kind uit sy natuurlike omgewing is die laaste stap wat deur die maatskaplike werker geneem word. Die beleid in dié verband lui as volg:
"Die verwydering van die kind uit gesinsverband is die laaste stap wat deur die maatskaplike werker geneem word. Die verwydering van die kind uit die gesinsverband bring altyd 'n onnatuurlike toestand mee...Om 'n kind te verwyder uit sy huis en elders te behandel bring altyd spanningstoestande mee. Dit vererger sy verwarring en onsekerheid en strem dikwels die pogings wat aangewend word om sy aanpassing en omstandighede te verbeter. Met ander woorde, hierdie bykomende probleme kan voorkom word deur die kind in sy natuurlike omgewing te behandel." (Departement Volkswelsyn en Pensioene Hnadleiding vir Indiensopleiding, Deel II, p.236).

Die verwydering van die kind uit gesinsverband is slegs tydelik van aard: "Waar die kind uit die gesin verwyder is,

word so 'n reëling slegs as tydelik van aard beskou en is die vakkundige welsynsdienste van die Departement en die gesinsorgdienste van private welsynsorganisasies steeds daarop ingestel om die kind so gou doenlik moontlik weer in die sorg van sy ouers te herstel. Die behoud van die gesinsverband vorm die basis van die Departement se kindersorgbeleid aangesien besondere waarde geheg word aan die invloed van 'n gesonde gesinslewe op die emosionele groei en ontwikkeling van die kind. Daar is ook veel te sê vir die behoudende krag van die intieme emosionele verhouding tussen ouer en kind." (Departement Volkswelsyn en Pensioene, Verslag vir die tydperk 1962 tot 1964, pp. 34-35).

Die beleid van die Departement Volkswelsyn en Pensioene is nie daarop gemik om sondermeer die kind uit die gesinsverband te verwyder nie, maar eerder dat alle moontlike maatreëls in werking gestel word dat die kind binne die gesinsverband versorg moet word.

2. DIE KINDERHOFONDERSOEK

Sodra dit vir die maatskaplike werker duidelik is dat die besondere omstandighede van 'n gesin sodanig is dat dit 'n skadelike uitwerking op die kind mag hê en dat dit in belang van die kind is om uit die gesin verwyder te word, word kinderhofverrigtinge geopen.

Wanneer 'n maatskaplike werker die professionele verslag in verband met die gesinsomstandighede en aanbevelings ter verbetering van die omstandighede opgestel het, word die verslag aan die kommissaris van kindersorg voorgelê. Die kinderhofverrigtinge word <u>in camera</u> gehou en verder word bepaal dat niemand iets mag publiseer wat die identiteit van die kind wat by die ondersoek betrokke was, openbaar mag maak nie. Die amptenare van die kinderhof word saamgestel uit die kommissaris van kindersorg, assessors wat die kommissaris bystaan gedurende die sitting, die assistent van die kinderhof en die proefbeampte. (Laasgenoemde is 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker in diens van die staat).

Benewens die beampte wat hierbo genoem is, word daar slegs persone toegelaat wat noodsaaklik is vir die verrigtinge van die hof. Dit is egter noodsaaklik dat die ouers of voogde van die kinders en die kinders teenwoordig moet wees. Reël 8 (4) van die Regulasies van die Kinderwet, 1960, met betrekking tot kinderhowe, vereis dat 'n verslag van die proefbeampte of ander maatskaplike werker by die kinderhof ingedien moet word. Die beslissing van die kinderhof word grootliks bepaal deur die aanbeveling van die maatskaplike werker. Die hof leun swaar op die aanbeveling van die maatskaplike werker en die beslissing het 'n ingrypende invloed op die lewe van die kind. In sekere gevalle mag daar onsekerheid bestaan oor die vorm van substituutsorg vir die kind, en die maatskaplike werker kan dan die kinderhof versoek om die kind, voor of na sorgbehoewendheidbevinding, na 'n waarnemingsentrum te verwys met die oog op verdere diagnose van die kind se probleme en bepaling van die plan van behandeling.

## 3. DIE TOELATING VAN DIE KIND TOT DIE VEILIGHEIDSPLEK

Wanneer die kinderhof 'n kind na 'n veiligheidsplek of waarnemingsentrum verwys het, is dit noodsaaklik dat daar sekere wetlike verordeninge en prosedures nagekom word.

In die eerste plek is dit noodsaaklik dat die kommissaris van kindersorg 'n aanhoudingsbevel ingevolge artikel 33 van die Kinderwet, 1960, uitreik aan die veiligheidsplek / waarnemingsentrum wat die aanhouding en waarneming van die kind sal magtig. Hierdie bevel verstryk 14 daagliks en kan dan hernu word.

Die mediese sertifikaat, toestemming tot mediese dienste en die bevestiging van name en ouderdomme van die kinders moet met toelating beskikbaar wees.

Die agtergrondsverslag wat betrekking het op die kind, moet so spoedig moontlik na die opname van die kind beskikbaar gestel word aan die Superintendent van die veiligheidsplek/ waarnemingsentrum, aangesien dit tot groot hulp sal wees met

die proses van inskakeling van die kind in die inrigting.

Wanneer die kind uit die gesinsverband verwyder moet word, is dit nodig dat hierdie verwydering op 'n professionele wyse geskied. Volle samerwerking moet van al die betrokke partye verkry word aangesien dit noodsaaklik is vir die heraanpassing van die kind in sy vreemde omgewing. Die beleid met betrekking tot die begeleiding van kinders word soos volg saamgevat: "Die verantwoordelikheid om reëlings te tref vir die begeleiding van die beweerde sorgbehoewende en sorgbehoewende kinders wat oor lang afstande moet reis, berus by die kommissaris van kindersorg. Daar is egter ooreengekom dat laasgenoemdes die vakkundige beampte verbonde aan die Departement van Volkswelsyn en Pensioene se buitekantore, versoek om behulpsaam te wees met die verkryging van geskikte begeleiers vir kinders wat moet reis na inrigtings, of ander vorm van bewaring waarheen hulle deur die kinderhof verwys is. As gevolg van die feit dat die vakkundige beampte die betrokke kinders se gesinsomstandighede ken, word hulle as die geskikte persone beskou om regte begeleiers aan te wys." (Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Gekonsolideerde omsendbrief 40, paragrawe 31 - 53).

"Waar enigsins moontlik en prakties moet daar gereël word dat een van die ouers, 'n familielid of in uitsonderlike gevalle, selfs die proefbeampte/maatskaplike werker, die kind na sy nuwe "tuiste" geleide moet doen. Die teenwoordigheid van 'n bekende persoon wat hom na die bestemming vergesel, versterk die kind se vertroue en vergemaklik sy aanpassing. Indien 'n onbekende begeleier in diens geneem word, moet toegesien word dat slegs bevoegde persone vir die taak gekeur word en dan moet ook aan die kind verduidelik word waarom 'n vreemde persoon hom noodgedwonge moet vergesel". (Theron, 1975, p.2).

Die verwydering en die begeleiding van die kind is beslis geen ligte taak nie. Die verwydering van 'n kind is 'n krisis tyd in sy lewe en vereis die uiterste takt. Dit

vorm deel van die behandelingsproses van die kind en 'n kind kan onherstelbaar geskaad word as hy nie tydens verwydering en begeleiding reg hanteer word nie. Onnodige emosionele ontwrigting van die kind moet dus te alle tye voorkom word. Die kind se verwydering behoort meer persoonlik van aard te wees en onsekerheid oor sy toekoms en bestemming moet sover moontlik uitgeskakel word. (Vgl. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Gekonsolideerde omsendbrief 40, paragraaf 33).

Die verwydering van die kind moet op so 'n wyse geskied dat dit die minste ontwrigting vir die kind sal inhou. Die verwydering van die kind hoef nie noodwendig 'n traumatiese belewenis te wees nie. Alles sal afhang van die kind se persoonlikheidsamestelling. Die indiwiduele behoeftes van die kind moet dus in aanmerking geneem word wanneer die kind verwyder word. Die wyse waarop die kind verwyder word, sal grootliks die aanpassing van die kind in die veiligheidsplek bepaal. Later sal meer aandag aan dié aspek gegee word.

4. DIE ONTVANGS VAN DIE KIND

Volgens Theron (1975,0.13) is daar twee groot verpligtinge met betrekking tot probleme waarmee die kind te kampe het wanneer hy tot die veiligheidsplek toegelaat word "... eerstens om die skok van verwydering te verlig en tweedens, die smee van nuwe bande wat hom sal laat voel dat daar tog nog mense is wat werklik vir hom omgee. Die eerste probleem kan verlig word indien 'n familielid of bekende die kind na die veiligheidsplek vergesel en veral die jonger kind, 'n geliefkoosde speelding of kledingstuk by hom het. Die tweede probleem kan grootliks oorbrug word deur 'n spesifieke personeellid en/of betroubare kind vir hom aan te wys, sodat daar ten minste iemand is wat hy leer ken, vertrou en op kan staat maak".

Die belangrikste is om met die kind te gesels, hetsy formeel of informeel, en die belangrikste persoon wat hierdie taak het, is die maatskaplike werker of superintendent wat aan die veiligheidsplek verbonde is. "Dit is gebruiklik dat die beampte wat verantwoordelik is vir professionele welsynsdienste by die veiligheidsplek alle nuwe

toelatings (kinders) met uitsondering van kleuters, so gou doenlik spreek. Tydens hierdie onderhoude word vasgestel of die kind, na gelang van sy ouderdom en verstandvermoë, insig het in sy situasie, of hy behoorlik voorberei is vir sy verblyf in die veiligheidsplek en of hy enige besondere probleme en behoefte het. Besondere aandag word verleen aan kinders wat van verafgeleë plekke kom en nie deur hulle proefbeampte of maatskaplike werker besoek kan word nie. Die hoofdoel van hierdie onderhoude is om die kind se vertroue te wen, hom aan te moedig om te gesels oor hoe hy/sy om= standighede (tuis, in die veiligheidsplek en andersins) beleef; om 'n begrip te kry van sy probleme en hom te help om die ervaring vir homself te verwerk en 'n positiewe lewenshouding in te neem". (Theron, 1975, p.15).

Die onderhoude wat met die kind gevoer word, is uiters belangrik en kan daartoe bydra dat die kind baie makliker kan aanpas in sy nuwe omgewing. Die begeleiding van die kind na die veiligheidsplek is van uiterste belang, en skakel ten nouste saam met die eerste onderhoude wat met die kind gevoer word. Die korrekte optrede by die verwydering en begeleiding sal daartoe bydra dat die kind 'n groter "openheid" sal open= baar. Die gevolg is dat reeds deur die eerste onderhoud die kind besondere voordeel kan trek.

## 5. DIE INSKAKELING VAN DIE KIND BY DIE INRIGTING EN ROETINE VAN DIE INRIGTING

Die kind wat tot die veiligheidsplek toegelaat word, ondervind emosionele spanning omdat hy verwyder is vanuit sy bekende omgewing. Theron (1975, p.13) meld in die verband: "Om die rede moet daar besondere aandag aan nuwe toelatings geskenk word, ten einde verligting van emosionele spanning te bring en die kind met sy aanpassing te help. Die superintendent het 'n groot verantwoordelikheid teenoor al die kinders in sy sorg en sover prakties moontlik moet hy alle kinders wat vir die eerste keer toegelaat word, ontvang en verwelkom en so spoedig moontlik daarna reël dat 'n indiwiduele on= derhou met elkeen gevoer word."

Afgesien van die feit dat die kind emosionele spanning ervaar en gehelp moet word, bevind die kind homself in 'n totale vreemde omgewing met reëls en regulasies wat vir hom totaal vreemd is.

Na die kind se verwydering uit sy ouerhuis kan hy 'n negatiewe reaksie openbaar afhangende van sy persoonlikheidsamestelling: "... omdat die kind se verwydering van sy ouerhuis gewoonlik gepaard gaan met emosionele skok of ontwrigting, reageer hy gewoonlik teen sy opneming en die veiligheidsplek met gevoelens van weerstand of gelatenheid na gelang van sy geestesgesteldheid". (Theron, 1975, p.14).

Besondere aandag moet verleen word om die kind te help in sy aanpassing. "Gedurende die eerste dag of twee moet daar spesiale aandag aan die nuweling gedurende maaltye en met slaaptyd gegee word. Etenstyd is die geleentheid wanneer die kind gewoonlik in 'n huislike atmosfeer saam met die res van sy gesin verkeer. As hy in sy eie huis hieraan gewoond was, sal hy die gemis daarvan in die inrigting dadelik aanvoel. Dit mag hom ontstel en opnuut twyfel en onrus in sy gemoed aanwakker. Om die rede moet toe= gesien word dat 'n toesighoudende personeellid gedurende etenstyd besondere aandag aan die nuweling bestee. Met slaaptyd onder= vind die nuweling 'n sterk gemis aan die bekende van sy eie huis - hoe eenvoudig en armoedig dit ookal daar mag gewees het. In sy eie bed beleef hy opnuut sy ervaringe van die dag van sy verwydering en het hy behoefte aan onderskraging. Die Superintendent of ander senior personeellid besoek hom dus in die slaapvertrek, bemoedig en stel hom gerus. In die dae wat volg, word toegesien dat die nuweling geleidelik by die akti= witeite van die veiligheidsplek ingeskakel word." (Theron, 1975, pp. 13-14).

Die indiwiduele aandag wat aan die kind gegee word tydens sy toelating staan duidelik uit in hierdie aanhaling. Dit is noodsaaklik dat elke kind as 'n indiwidu gesien en behandel word.

## 6. SAMEVATTING

Die gesin word deur die staat as een van die belangrikste groepe in die gemeenskap beskou. Nogtans is dit so dat daar gesinne is waarin daar een of ander vorm van afwykende gedrag voorkom.

Die bestaande private welsynsorganisasies neem maatskaplike werkers in diens om behulpsaam te wees met die voorkoming en behandeling van maatskaplike wanfunksionering by in= diwidue en gesinne. Die staat stel vakkundige beamptes in die Welsynsafdeling van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene aan om aandag aan maatskaplike wanfunksionering te gee en tree terselfdertyd op as koördineerder van wel= synsdienste. Deur middel van die subsidiëring van maat= skaplike werk-poste by privaat welsynsorganisasies word daar 'n direkte diens in die verband aan die gemeenskap gelewer.

Dit gebeur dat die omstandighede van 'n gesin sodanig is dat die invloed daarvan op die kind uiters nadeling kan wees. Ten einde waarskynlike skade aan die kind te voorkom, word die kind in sulke omstandighede uit die gesinsverband verwyder.

Die verwydering van die kind uit die gesinsverband is volgens beleid die heel laaste stap wat deur die maat= skaplike werker geneem behoort te word.

Deur die lewering van die nodige professionele dienste deur die maatskaplike werker moet daadwerklike maatreëls getref word om die verwydering van die kind te voorkom.

Indien die kind wel uit die gesinsverband verwyder moet word, is hierdie verwydering slegs tydelik van aard. Die tydelikheid van die verwydering word uitgewys deur die Kinderwet, 1960. Die hele ondersoek word in camera gehou en alle moontlike beskerming word aan die gesin gebied.

By toelating van die kind tot die veiligheidsplek, moet volledige identifiserende besonderhede verstrek word, asook 'n mediese sertifikaat en 'n toestemming deur die ouers of voog van die kind vir die lewering van mediese dienste aan die kind. Die inhandiging van 'n maatskaplike agtergrond= verslag stel die personeel van die veiligheidsplek in staat om 'n beeld van die kind en sy agtergrond asook sy probleem te kry.

Die begeleiding van die kind deur die gee van indiwiduele aandag, sal die kind minder ontstel. As gevolg hiervan is dit belangrik dat die geskikte persone die kind na die veiligheidsplek moet begelei. Die verwydering van die kind uit sy gesinsverband is en bly vir alle kinders 'n emosionele-ontwrigtende belewenis. Die reaksie wat die kind openbaar na sy toelating tot die veiligheidsplek sal grootliks afhang van die wyse waarop die kind verwyder en na die inrigting begelei is. Die onderhoude wat na opname in die veiligheids= plek deur die superintendent met die kind gevoer word moet benewens ander redes, dien tot die positiewe beïnvloeding van die kind met die oog op sy inskakeling.

Die verantwoordelikheid vir die inskakeling en bekendstelling van die kind in sy nuwe omgewing berus by die personeel verbonde aan die veiligheidsplek. Die superintentdent is die eerste persoon wat die kind verwelkom en hom bekend stel aan die personeel en ander kinders. Dit is nodig dat die kind so spoedig moontlik vertroud raak met sy omgewing, waar hy slaap, eet, toilet gebruik en speel, asook die daaglikse roetine. Hierdie taak berus nie net by die superintendent alleen nie maar ook en veral by die ander personeellede. Die maatskaplike werker het hier 'n besonder belangrike taak aangesien die maatskaplike werker verantwoordelik was vir die verwydering van die kind. Dit plaas juis 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van dié persoon om die kind behulpsaam te wees met aanpassing binne die veiligheidsplek.

In die volgende hoofstuk sal aandag gegee word aan die algemene kenmerke en behoeftes van die kind in die veiligheidsplek as gevolg van sy besondere gesinsagtergrond.

# HOOFSTUK IV

## ALGEMENE KENMERKE VAN DIE KIND IN DIE VEILIGHEIDSPLEK WAT SPRUIT UIT SY GESINSAGTERGROND

Ten einde 'n beeld te kry van die gesinsagtergrond van die kind in die veiligheidsplek en sy besondere kenmerke as gevolg van sy agtergrond, sal daar in die eerste plek gelet moet word op die gesin se samestelling, funksies, en invloed op die kind. Aandag sal daarna gegee word aan die gesin waar daar een of ander vorm van afwykende gedrag by indiwiduele lede van die gesin voorkom. Omdat die kind in die veiligheidsplek primêr afkomstig is vanuit laasgenoemde gesinne, sal daar gelet word op die invloed van dié gesin op die kind.

### 1. FUNKSIES VAN DIE GESIN

Met die begrip "gesin" word bedoel "... het intieme levensverband tussen ouders en kinderen gefundeerd in die natuurlike afstamming en bloedverwantschap naar de norm der onderlinge liefde (van Dijk, 2de Druk, p.80) en "The family is a socially approved means for the reproduction, nurture and socialization of children". (Bowman, 1965, p.631).

Indien bogenoemde omskrywings van die begrip ontleed word, blyk duidelik dat die gesin 'n besondere eenheid is wat besondere eienskappe openbaar. In die gesin staan die ouer en die kind in 'n besondere verhouding tot mekaar. Die verhouding wat daar binne die gesin bestaan, het tot gevolg dat die kind as lid van die gesin onderworpe is aan 'n sosialiseringsproses.

#### 1.1. <u>Die voortplantingsfunksie</u>

Die voortplantingsfunksie van die ouers is baie belangrik in dié sin dat dit die voortbestaan van die mensdom verseker. As gevolg van die voortplantingsfunksie het die gesin 'n bepaalde verantwoordelikheid met betrekking tot die deeglike versorging van die kind in die gesin. Die kind is as gevolg van dié feit

anders as die dier. "Dit tref dat daar selfs in die dierelewe geen losbandigheid op hierdie gebied bestaan nie en dat die jong diertjies nie maar aan die genade van wind en weer oorgelaat word nie. As gevolg van die feit dat die menslike kind by geboorte in 'n groter mate as die jong diertjies hulpeloos is en ook vir 'n langer tydperk van nougesette versorging afhanklik is, is hierdie feit van versorging in sy geval nog belangriker as om die geval van die diertjie". (Rhoode, 1974, p.137).

Die kind is dus baie nou gebonde aan en afhanklik van die gesin. Die gesin is die belangrikste deel van die gemeenskap. Trouens, geen gemeenskap kan sonder die gesin bestaan nie. Omdat dit so is, het die gesin 'n baie belangrike taak en moet die voortplantingsfunksie met die grootste verantwoordelikheid uitgevoer word, want die kind is vir sy normale voortbestaan afhanklik van die gesin.

Nou verbonde aan die voortplantingsfunksie van 'n gesin is die seksuele drang van die mens. Anders as die dier, wat hoofsaaklik as gevolg van instinkte uiting gee aan sy seksuele drange, kan die mens sy seksuele drang beheer. Die mens, anders as die dier, is uiteraard 'n geestelike wese wat oor rasionele vermoëns beskik wat hom in staat stel om hierdie drange te beheer. Volgens Cronje is die wese van die Christelike huwelik soos volg:

"(a) Dit is 'n Goddelike instituut wat in die skeppping gegrond is;

(b) dit is die vereniging van een man en een vrou - 'n monogame verhouding dus;

(c) dit is 'n onskeibare verbintenis;

(d) dit is 'n verbintenis wat die aanvulling van albei partye ten doel het; en

(e) dit is diensbaar aan die voortplantings van die menslike geslag".

(Cronje, 1959, p.85-86).

Volgens Genesis 1 vers 28 (Die Bybel) is die huwelik 'n skeppingsdrang van God. Uit hierdie verbintenis tussen 'n man en vrou word die kinders van die gesin voortgebring. Soos reeds hierbo aangetoon,

is die kind by geboorte en selfs daarna 'n betreklike hulpelose wese. Daarom is dit noodsaaklik dat daar in die kind se besondere behoeftes voorsien moet word. Die versorgingsfunksie staan der= halwe in besondere noue verband met die voortplantingsfunksie.

1.2. Die versorgingsfunksie

Die versorgingsfunksie is van primêre belang by die ontwikkeling van die kind. Daar moet in gedagte gehou word dat die mens nie soos die dier slegs vleeslik is nie, maar, in teenstelling met die dier, ook 'n geestelike wese is. Dit beteken dat die kind fisies sowel as psigies versorg moet word.

Van Dijk som hierdie funksie as volg op, naamlik: "De voorziening in de materiële behoeften van die opgroeiende generatie tot aan die volwassenheid binnen de sfeer van liefdevolle verzorging ... en het in-stand-houden ten behoewe van de leden van het gezin van een sfeer van zekerheid, intieme geborgenheid, gezelligheid, sympathie en liefde met een zeer ruime marge van vrijheid, ja zelfs van onderlinge wrijving." (Van Dijk, s.j., p.86).

Die versorgingsfunksie is 'n integrale deel van die gesin. Die gesin as 'n eenheid moet in hierdie opsig aan die eise voldoen deurdat dit die nodige beskerming aan die lede van die gesin bied. Dié funksie hang ook baie nou saam met die ervaring van die gevoel van geborgenheid by die indiwiduele lede van die gesin. Hierdie gevoel van geborgendheid stel die lede van die gesin in staat om volwaardig maatskaplik te kan funksioneer. Indien die gesin in hierdie versorgingsfunksie sou faal, beteken dit dat die kind nie aan die eise wat deur die gemeenskap aan hom gestel word kan voldoen nie, en dus nie bevredigend maatskaplik kan funksioneer nie.

Met betrekking tot die versorgingsfunksie speel sekuriteit 'n baie belangrike rol. Wanneer sekuriteit van die kind ontneem word, kan dit daartoe aanleiding gee dat die kind onveilig en onseker in sy verhoudings is. As gevolg van liefdevolle versorging deur die ouers ervaar die kind 'n gevoel van sekuriteit. In die verband speel die wedersydse respek wat die lede van die gesin vir mekaar openbaar 'n

baie belangrike rol, en kan hulle langs die weg inderdaad in mekaar se behoeftes voorsien.

As gevolg van hierdie versorging en gevoel van sekuriteit wat die kind ervaar, stel dit die kind in staat om sy ervaringswêreld uit te brei. Die indiwidu ag dit veilig om nuwe velde te ondersoek deurdat hy genoegsame vertroue ontwikkel het in die proses van versorging; omdat hy 'n gevoel van geborgenheid ervaar. Dit is voor die hand liggend dat daar ten opsigte van hierdie aspek besondere hoë eise aan die gesin gestel word. Die mate waarin daar voldoen word aan die eise van die versorging van die kind, sal grootliks bepalend wees in watter mate die lid van die gesin suksesvol binne die gemeenskap funksioneer.

In die proses van versorging, naamlik deur die proses van sosialisering, leer die kind wat van hom as indiwidu deur die gemeenskap verwag word.

1.3. <u>Die opvoedkundige, godsdienstige funksie</u>

Die opvoedkundige en die godsdienstige vorming van die kind, vorm 'n hegte eenheid wat in der waarheid nie van mekaar geskei kan word nie. Daarom word die twee funksies saam behandel.

Alhoewel die funksies van opvoedkundige en godsdienstige vorming in 'n groot mate verrig word deur onder andere die skool, kerk en ander instansies, bly die gesin, en by name die vader en moeder, die eerste persone wat die kind opvoed. Die huwelik moet die eerste stabiele vormende milieu wees waarmee die kind in aanraking kom. Hierdie milieu moet die nodige fisiese, geestelike en sosiale behoeftes bevredig. Die ouerhuis bly die primêr-verantwoordelik om in hierdie behoeftes te voorsien.

Die ouers kan nie die verantwoordelikheid afskuif op ander instansies nie want "... Is die kind eers eenmaal daar, dan is die ouers verantwoordelik vir die grondliggende fases van

sy liggaamlike, geestes en sosiale sowel as sy dieper gees= telike (ewige) ontwikkeling". (Keyter, 1961, p.85).
Afgelei vanuit laasgenoemde, blyk dat die ouers verantwoordelik is vir die versorging en opvoeding van kinders, want opvoeding impliseer die grootmaak, ontwikkeling en sedelike vorming van die kinders.

Keyter (vgl. 1961, p.86) sê dat die ouers verantwoordelik is vir die gesonde liggaamlike versorging, vir die eerste stimulering tot ontwikkeling van die sintuie, gewoontes, die ontwikkeling van die taal, die eerste begrippe en die vorming van opvattings van die nasionale gemeenskap waaraan hulle behoort. Deur die ouers word die innerlike ontwikkeling bevorder, vorm en rigting daaraan gegee, en leer die kinders ontvang. Kinders leer ook algaande die belangrike nasionale lewenswaardes en kultuur= besit waardeer. Onder leiding van die ouers leer kinders die gebruike en gedragskodes van die gemeenskapsorde begryp en eer= biedig, ontwikkel hulle samehorigheid tot en lojaliteit teenoor die nasionale gemeenskap, en vind hulle hul plek en beroep daarin as verantwoordelike lede daarvan.

Deur die voorbeeld en optrede van die ouers word hulle godsdiens= sin aanvanklik gewek en ontwikkel, hulle begrip van hul verband met die Ewige en hul verhouding tot die Godheid bepaal.

Die opvoedkundige funksie hang ten nouste saam met die aanleer van die norme wat in die gemeenskap gehandhaaf word. Met die voorbeeld wat deur die ouers aan die kinders gestel word, word hulle ook opgevoed in 'n bepaalde kultuur. Die godsdienssin is deel van hierdie kultuur en speel 'n baie belangrike rol in die opvoeding van die kind. "Die primêre doel van die godsiens is nie om van ons kultuurmense te maak nie, maar mense van God. Dit wil sê, mense wat uit genade deur God in Jesus Christus gered is om as sy gehoorsame volgelinge burgers en burgeresse van sy Koninkryk te wees, dit maak ons mense met 'n ewigheids= bestemming en nie mense wat net 'n taak op hierdie wêreld het nie. Christus het self immers gesê: 'Julle is die sout van die aarde en die lig van die wêreld.' In die vervulling van

hierdie Godgegewe roeping word ons nie losgemaak van ons kultuurverbande nie, maar juis daarin geheilig en daarin uit= gestuur. Die Christen is in diens van God ook kultuurmens en beter kultuurmens, omdat hy 'n geroepe mens, 'n rentmeester is, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus". (Beukes, 1976, p.5.)

Die opvoedkundige en godsdienstige funksie van die gesin is baie belangrik en bly die primêre taak van die ouers se roeping en taak en voorreg om hulle kinders op te voed en hulle langs die weg diensbare lede van die sameleweing te maak.

1.4. <u>Die sosialiseringsfunksie</u>

Omdat die mens groepsgebonde is en oor die vermoëns beskik om te kan leer en ervaar, sluit die funksie van sosialisering nou aan by die ander reeds behandelde funksies.

Daar moet in aanmerking geneem word dat die gesin die eerste geordende groep is waarmee die kind in aanraking kom binne die gemeenskap. Binne hierdie intieme groepsverband leer die kind hoe sy aanpassing in die gemeenskap moet wees, want "As primêre sosialiserende instansie het die gesin dan ook die taak om die grondslag te lê van, en die kind voor te berei vir sy inpassing by die gemeenskap waarvan hy lid is. Dit impliseer dat die kultuurbesit van die gemeenskap in sy omvangryke verskeidenheid deur die kind geïnternaliseer moet word." (Rhoode, 1974, p.139).

Dit is duidelik dat hierdie proses van sosialisering ten nouste saamhang met die verhouding tussen die ouers en die kind omdat "...Many aspects of the socialization process wil require the combined efforts of both parents and this shared activity serves to unify family relationships further" (Nye & Barnardo, 1973, p.35).

Binne die intieme gesinsverband het die kind die geleentheid om die jong lewe te vorm en voor te berei met die oog op

suksesvolle aanpassing binne die gemeenskap.

Aanvanklik is die kind slegs bewus van homself. Geleidelik begin hy egter die milieu om hom ontdek en oefen dit 'n invloed op hom uit. "First he discovers that his mother is not part of himself, then that his father is distinguisable from his mother. Later he discovers that they have needs of their own and other roles beside mothering and fathering him. Finally, he learns that his role is not simply to receive but to give, and that he must temper his impulses to meet the needs of others. Only then is he fully human." (Blood, 1969, p.446)

Die kind openbaar die besondere behoefte om te sosialiseer. Die afhanklikheid van die kind ten opsigte van die ouers word vergroot namate die ouers in die basiese behoeftes van die kind voorsien soos byvoorbeeld, klerasie en voedsel. Die gesin is die eerste "eenheid" waar die kind sy sosiale verbindinge ervaar. Binne hierdie verband leer en ervaar die kind veral dat dit 'n natuurlike vorm is wat gebind is deur 'n bloedband en ware liefde. Laasgenoemde aspekte het tot gevolg dat daar 'n diep en betekenisvolle band tussen die ouer en die kind bestaan. Gevolglik vind die sosialiseringsproses geredelik, gemaklik en spontaan plaas.

Die kind identifiseer homself met die primêre figure in die groep, naamlik die ouers, en daarom plaas dit "... uiteraard belangrike verpligtinge op die ouers met betrekking tot die sosialisering van die kind, waar laasgenoemde die uiteindelike suksesvolle inpassing van die kind in sy groter groep-en gemeenskapsband ten doel het" (Rhoode, p.90). Dit blyk ook dat die liefde en emosionele stabiliteit hier 'n baie belangrike rol speel, want "Numerous studies of child-rearing suggest that the shild's ability to be socialized is profoundly effected by the parents' affectional relationship to him. If they have loved him abundantly, he will love them in return and respond positively to their child training efforts. But if they have disliked him, he is liable to resist their efforts to

socialize him." (Blood, 1972, p.407).

As gevolg van hierdie besondere wisselwerking wat daar bestaan tussen ouer en kind, is daar ook 'n gevoel van afhanklikheid van die kind teenoor die ouers. Hierdie wisselwerking laat die ouer in der waarheid toe om tot die leef- en ervarings-wêreld van die kind toe te tree. Dit hou ook in dat die kind as mens en indiwidu erken moet word. Daar moet 'n gevoel van liefde teenoor die kind wees, anders sou daar 'n apatiese verhouding bestaan. Die verhouding in die gesin is intiem-persoonlik en het 'n kenmerkende "warmte" en eksklusiwiteit wat uniek is aan die gesin. "In large part this affectional function is a psychological one. As society becomes increasingly complex and social contacts more and more impersonal, the need becomes greater for the individual to have intimate and personal recognition and sympathetic response. With the increase in secondary and impersonal contacts, the family remains the social agency most capable of supplying affection and understanding. It is from the family that intimate response will most likely be forthcoming. With his family the individual can 'let his hair down' - he can be himself and be understood. The family provides a place for escape from the pressures and superficiality of modern life. When it functions normally the family is the social institution which, more than any other, can provide emotional security." (Sweedlun, 1956, p. 96 - 97).

Hierdie veilige hawe wat deur die gesin verskaf behoort te word, maak 'n deel uit van die kind se hele persoonlikheid want "It is within the family that it first develops and where it is given fundamental direction ... Many children unconsciously accept their families' efforts to prepare them for the non-family world." (Ritchie & Koller, 1964, p.91).

Die hele proses van sosialisering kom nie vanself nie maar die ouers het 'n taak en roeping in dié verband. Sekuriteit

speel 'n baie belangrike rol maar hang ook ten nouste saam met die ander funksies van die gesin, soos byvoorbeeld die opvoedkundige en versorgingsfunksies van die gesin.

## 1.5. Die kind as produk van die gesin

Die geborgenheid wat die kind ervaar het binne die gesins= verband, het tot gevolg dat die kind ook geborge voel buite die beskermende omgewing van die gesin. Die uitvoering van die versorgingstaak van die vader en moeder het tot gevolg dat daar in die fisiese behoeftes van die kind voorsien word. Op psigiese gebied word die kind ook versorg deur die gee van die nodige liefde en sekutiteit. Die normale funksionering van die gesin binne die gemeenskap bring die kind in aanraking met die norme wat in die gemeenskap aanvaar word. Gevolglik stel dit die kind in staat om hierdie norme te kan inter= naliseer en kan hy dus voldoen aan die eise wat aan hom gestel word. Die vader en moeder wat in die basiese be= hoeftes van die kind kan voorsien, lewer 'n positiewe by= drae tot die samelewing deurdat die kind as volwaardige lid binne die gemeenskap kan funksioneer.

'n Probleem ontstaan wanneer die ouers nie daartoe in staat is om in die basiese behoeftes van die kind te voorsien nie, wanneer dit tot gevolg het dat die kind skade ly. Die skade wat die kind binne die gesinsverband opdoen, strek nie net tot nadeel van hom as persoon nie, maar benadeel die hele gemeen= skap. Dit is nodig dat aandag gegee word aan die gesins= agtergrond van hierdie kinders.

Die kinders wat toegelaat word tot 'n veiligheidsplek, is sorgbehoewend bevind of word beweer sorgbehoewend te wees. Hierdie kinders is afkomstig uit huise wat gekenmerk word deur een of ander vorm van maatskaplike wanfunksionering. Hierdie stelling word onder andere keer op keer bewys deur die verslae van die maatskaplike werker wat by toelating van die kind in veiligheidsplekke ontvang word.

Alhoewel daar nie aandag aan alle moontlike vorme van patologiese gedrag by die gesin gegee kan word nie, word vervolgens aandag aan die mees algemene verskynsels gegee.

## 2. KENMERKE VAN DIE GESIN VAN DIE SORGBEHOEWENDE KIND.

### 2.1. Huweliksonenigheid

Daar is reeds op gewys dat dit noodsaaklik is dat daar 'n hegte band sal bestaan tussen die lede van die gesin om sodoende in die kind se behoeftes te kan voorsien.

Huweliksonenigheid speel uiteraard 'n rol in die negatiewe beinvloeding van die kind. Uit die ondersoek wat Van Rooyen (1956, p. 47) gedoen het, het hy gevind dat in 17,91 persent van al hierdie gesinne waaruit 24,14 persent van al die kinders gekom het, daar gedurig twis en tweedrag in die ge= sinskring voorgekom het. Die gevolgtrekking is dat die gebroke huisgesin en verstoorde gesinsverhoudinge een van die vernaamste primêre oorsake van sorgbehoewendheid by kinders is."

Uit die ondersoek wat deur McLachlan (1959, p. 123) onder= neem is, het ook geblyk dat gesinsverwaarlosing en drank= misbruik by die vader van die gesin hand aan hand met ge= sinsonenigheid loop. Die skrywer meld in dié verband verder "Die erns van die onenigheid as vraagstuk word openbaar in die feit dat die verlating deur die man (38,39 persent), die vrou (41,41 persent) en by beide die ouers (26,26 persent) in so 'n hoë mate voorkom. Die gevolgtrekking waartoe geraak word, is dat onenigheid tussen die ouers van sorgbehoewende kinders 'n duidelike verband toon met drankmisbruik, onsede= likheid en verlating. Aan wanverhouding van hierdie aard is kinders onderhewig voordat "met 'n bevel van 'n kinderhof besluit word dat 'n toestand van sorgbehoewendheid aanwesig is."

Uit die aanhalings blyk dat die kind uit die gesin waarin huweliksonenigheid voorkom, onderhewig is aan heelwat onsekere verhoudings binne die gesinsverband. Dit is ook voor die hand liggend dat onenigheid tussen die vader en moeder negatiewe resultate by die kind tot gevolg het; vandaar die verwydering van die kind uit die gesinsverband. Hierdie gedurige twis en rusie by die ouers het tot gevolg dat die kind binne die gesinsverband ook onderhewig is aan geweldige emosionele spanninge en onsekerheid in die al= gemeen inplaas van om sekuriteit in die gesin te ondervind.

2.2. Verlating

Wanneer die vader- en/of die moederfiguur nie volwaardig sy/haar rol binne die gesin vervul nie, het dit ernstige negatiewe invloede op die kinders asook op die egliede. McLachlan (1959, p. 75) meld in dié verband dat "Waar verlating in die gesin voorkom, word daar meer as drie-kwart van die huisgesinne in die algemeen ernstig ver= waarloos. By hierdie gesinne kom drankmisbruik by die vader byna in twee-derdes van die gevalle voor. In byna dieselfde mate is die vaders onbestendige werkers. By meer as twee-vyfdes van hierdie gesinne is die moeders skuldig aan geslagtelike wangedrag en by meer as een-derde is die moeders oormatig uithuisig. Daarna volg een-derde waar die moeders voltydse buitehuislike loonarbeid verrig en nagenoeg een-derde vaders wat geslagtelike wangedrag openbaar. Een-derde van hierdie gesinne woon onder swak omstandighede."

Die verlating deur een of albei van die ouers het onbesten= digheid in die huisgesin as groep en eenheid tot gevolg. Uit die ondersoek wat deur van Rooyen (1956, p. 43) onderneem is blyk dat "... 29-28 persent van die gesinne ... deur verlating van die vader of moeder, deur egskeiding of deur uitmekaarwoning van die ouers opgebreek is; - 30,00 persent van die kinders is hierdeur geraak ... Gebroke gesinne is die primêre oorsaak van die groot omvang van die veroorsaking van sorgbehoewendheid."

Uit voorafgaande twee aanhalings met betrekking tot die toestande in Suid-Afrika, blyk dat wanverhoudings binne die gesin die lede van die gesin negatief beïnvloed. Verlating raak nie net die vader of moeder nie, maar werk ook die sorgbehoewendheid van die kind in die hand.

2.3. Onvolwaardige ouerskap

Die oënskynlike onvermoë van die vader en moeder het, as gevolg van die teenwoordigheid van negatiewe faktore in hulle maatskaplike funksionering, tot gevolg dat daar ge=durig konflik en frustrasie by beide egleide teenwoordig is. Geen wonder dus dat daar geen ooreenstemming bereik word met betrekking tot die opvoeding en versorging van die kinders nie. Aangesien die gesin weinig geborgenheid vir die egliede inhou, openbaar die ouers die neiging om ontvlugting te soek. Hierdie gedragswyse geskied op so 'n wyse dat dit in botsing kom met die bestaande norme binne die gemeenskap - trouens dit hou in dat een of albei die ouers hulle skuldig maak aan patologiese gedrag.

Waar slegs een van die ouers daartoe instaat is om tot 'n mate in die rolverwagting te voldoen, sal die taak vir hom/haar uiters moeilik wees om 'n dubbele rol te kan ver=tolk. So sal die moeder dit moeilik vind om sowel vader as moeder te wees waar die vaderfiguur ontbreek as gevolg van verlating of gedurige dronkenskap. Hierdie onvolwaardige ouerskap kan aanleiding gee tot die skepping van sorgbehoe=wende toestande, met die gevolg dat die kind uit gesinsverband verwyder moet word.

2.4. Drankmisbruik

Uit die behandeling van enkele probleme wat teenwoordig is by die gesin van die sorgbehoewende kind soos huweliksonenigheid, verlating, onvolwaardige ouerskap, het dit geblyk dat die misbruik van drank by een of albei die ouers telkens na vore kom as onderdeel van 'n komplekse probleem.

Drankmisbruik speel 'n baie belangrike rol in die uiteindelike sorgbehoewendheid van die kind. "Een van die grootste alleenstaande faktore van sorgbehoewendheid is ongetwyfeld die drankmisbruik van die ouers, veral in die geval van vaders ... 34,13 persent van alle sorgbehoe= wende kinders het uit huise gekom waar die vader, en 2,35 persent waar die moeders van sterk drank misbruik gemaak het. Samevattend dus het 42,68 persent van die kinders uit huise gekom waar vaders drankmisbruikers was en 10,90 persent kinders waar moeders drank in oormaak gebruik het."
(Van Rooyen, 1956, p. 56).

Met betrekking tot drankmisbruik het McLachlan (1959, p. 100) bevind: "... Die gesinsverwaarlosing gepaard met ander probleme van vry ernstige aard, neem skokkkende afmetings aan in die huise van drankmisbruikers. Of die vader alleen drank misbruik, of die moeder drank misbruik en of albei ouers dit doen - die aard van die probleme bly ernstig. By die moeders wat drink, is die persentuele aandeel vir verwaarlosing sowat 82 persent, by albei ouers wat drink sowel as by die vaders wat onbestendige werkers is, is die aandeel sowat 50 persent waar die vader en ook waar albei die ouers drink. By onse= delike moeders waar die moeder en waar albei ouers drink, is die aandeel 44 persent en 43 persent onderskeidelik. Drank= misbruik raak dus die veelheid en erns van die bykomende pro= bleme, die sorgbehoewende kind seker veel meer en ook ingry= pender as enige probleem, want in hierdie huise speel die faktore wrt die menslike gees afstomp en alle sedelike norme verag, 'n rol wat vir geestelike opvoeding of liggaamlike versorging van die kind geen plek laat nie."

Die gevolg van drankmisbruik by een of albei die ouers beïnvloed die kind dus baie negatief, aangesien alle bestaande en aanvaarbare norme oorboord gegooi word. Geen wonder dus dat drankmisbruik by die gesin een van die grootste faktore is wat daartoe aanleiding gee dat daar wanfunksionering by

die gesin voorkom. Hierdie wanfunksionering kan daartoe aanleiding gee dat daar uiteindelik 'n kinderhofondersoek gehou moet word met die oog op die moontlike verwydering van die kind uit die gesinsverband.

## 3. DIE BESONDERE BEHOEFTES VAN DIE KIND UIT DIE PROBLEEMGESIN.

Wanfunksionering by die ouers kan aanleiding gee tot on= sekerheid in die verhoudings binne die gesinsverband. Die gevolg is dat die kind in der waarheid in 'n stremmende atmosfeer opgroei - gedepriveerd is.

Die kind se verhoudings is in die algemeen onseker aange= sien die proses van identifikasie nie ten volle ontwikkel het nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die kind hom nie met een of albei die ouerfigure kon identifiseer nie. Die swak identifikasieproses kan ook tot gevolg hê dat daar op 'n negatiewe wyse met die ouerfiguur identifiseer word, by= voorbeeld die vader wat gereeld beskonke tuis kom, word as normaal aanvaar - of die moeder met buite-egtelike verhoudings is ook aanvaarbaar.

Die onbestendige lewenswyse van die ouers het tot gevolg dat daar gewoonlik finansiële nood ontstaan. As gevolg van die toestand kan die kinders binne die gesinsverband gebrek ly aan voedsel met die gevolg dat voedsel óf gebedel óf gesteel word.

Kinders wat afkomstig is uit gesinne wat gekenmerk is deur een of ander vorm van maatskaplike wanfunksionering, openbaar 'n besondere behoefte aan liefde en sekuriteit aangesien hulle dit nie binne die gesinsverband kan ervaar nie. Die gevolg is dat die kind soms op 'n uiters negatiewe wyse aandag op

homself wil vestig in sy soeke na sekuriteit en liefde. Bloch en Flynn (1956, p. 156) maak melding daarvan dat emosionele onstabiliteit in 'n baie noue verband staan met afwykende gedrag by die kind, in die geval van jeugmisdaad. "... of the 143 delinquents studied ... 91,6 percent (131 cases) gave substantial evidence of emotional malfunctioning." Strydom meld dat die gebrek aan liefde 'n negatiewe uitwerking het op die kind. "By gebrek aan liefde en aandag voel hy dat hy verwerp word. Gevoelens van verwerping het weer 'n nega= tiewe uitwerking op sy gedrag." (1970, p. 153) en "Children have problems because of their affectional relationship with parents." (Kadushin, 1974, p. 91)

As gevolg van die maatskaplike wanfunksionering wat daar in die gesin aanwesig is, word hierdie gesin nie in die gemeen= skap aanvaar nie. Hierdie nie-aanvaarbare gedrag gee aanlei= ding tot isolasie van die gesin as geheel. Die kinders wat opgroei binne hierdie gesinsverband kom nie in aanraking met die kultuur, soos die kinders wat afkomstig is uit huisgesinne wat maatskaplik normaal funksioneer nie. Die logiese gevolg is dat hierdie kinders kultureel gedepriveerd is.

Hierdie gesinne word gekenmerk as gesinne waar daar weinig of geen kommunikasie bestaan nie. Die gevolg is dat hierdie kinders nie normaal kan kommunikeer nie. (Vgl. Day 1972, p. 48 - 50) Tydens ondersoeker se tydperk as superintendent van 'n veiligheidsplek en as inwoner van 'n kinderhuis het dit duidelik na vore gekom. Die vlak waarop hierdie kinders gekommunikeer het, het duidelik voorgekom heelwat onder die gemiddelde te wees.

In die veiligheidsplek het talle gevalle na vore gekom waar dit duidelik geblyk het dat hierdie kinders 'n uiters vae begrip het van die rol van godsdiens in die mens se lewe. Die ouers blyk dus ook nie instaat te wees om hierdie kinders die nodige godsdienstige opvoeding te gee nie. (Vide on= derhoude met predikante bekend met kinders in veiligheids= plek.

Skolasties is die kinders se vordering ook nie na wense nie. Volgens die hoof van 'n skool waar kinders uit die veiligheids= plek in opgeneem word, is die kinders se skolastiese vordering oor die algemeen nie na wense nie. Dit kan moontlik toege= skryf word aan die min stimulasie wat die kind op intelektuele gebied ontvang tydens sy voorskoolse jare.

Die kind afkomstig vanuit 'n huisgesin wat gekenmerk is deur die maatskaplike wanfunksionering, het besondere behoeftes. Hierdie behoeftes wat die kinders openbaar laat 'n leemte in die kinders se lewe. Om hierdie leemtes te vul kan hierdie kinders kompenseer deur middel van negatiewe gedrag.

Die verwydering van die kind uit die gesin en plasing in die veiligheidsplek is vir die kind 'n negatiewe ervaring. Die taak van die veiligheidsplek sal dus wees om hierdie leemtes in die kind se lewe te verstaan, te ontmoet en aan te vul.

## 4. SAMEVATTING.

Die gesin is dié eenheid of groep binne die gemeenskap wat 'n baie belangrike rol speel in die opbou van 'n gesonde gemeenskap. Die gesin is die groep in die gemeenskap wat aan die kind die norme moet voorsien met die oog op sy be= vredigende maatskaplike funksionering. Opvoeding van die kind in die breë, speel 'n baie belangrike rol aangesien die kind langs die weg geleer word om wat eie is aan die kultuur van die gemeenskap waarvan hy deel is, te aanvaar.

"Sonder kultuur is die menslike lewe nie denkbaar nie. Christelike kultuur ontstaan daar waar die mens as 'n Skrifgelowige wese besef dat hy 'n geroepene van die Here is en strewe om sy taak elke dag, wat dit ookal kan wees, te verrig in ooreenstemming met die eise van die Woord van die Here." (Beukes, 1976, p. 5)

Waar daar een of ander vorm van afwykende gedrag by een of meer van die gesinslede aanwesig is, kan nie voldoen word aan die eise wat daar aan die gesin gestel word nie. Wan= neer die maatskaplike wanfunksionering 'n skadelike invloed het op die kind, kan die kind moontlik uit die gesinsverband verwyder word. Hierdie verwydering is juis daar om ernstige en permanente skade te voorkom en die kind en die gesin te rehabiliteer met die oog op die hereniging in een hegte en goedaangepaste gesin binne die gemeenskap.

Alhoewel dit duidelik is dat sorgbehoewende kinders bepaalde algemene behoeftes openbaar en hierdie kinders hulle ook skuldig mag maak aan moontlike wangedrag, en ook aanpassings= probleme mag ondervind, is dit moeilik om vooraf presies te bepaal wat die besondere behoeftes van elke kind sal wees. As gevolg van die kinders se besondere agtergrond moet hier= die behoeftes bepaal word en aandag daaraan gegee word. Teneinde hierdie behoeftes te bepaal en te bevredig, moet daar besondere fasiliteite vir die doel geskep word. Aandag sal later in 'n latere hoofstuk aan dié aspek gegee word.

In die volgende hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die voorspelbare algemene behoeftes van die kinders in veilig= heidsplekke.

# HOOFSTUK V

## ALGEMENE EN BESONDERE PROBLEME EN BEHOEFTES VAN KINDERS IN VEILIGHEIDSPLEKKE.

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die verwagte algemene en besondere probleme en behoeftes wat by die kind in die veiligheidsplek voorkom as gevolg van sy besondere gesinsagtergrond. Aandag sal in die eerste plek gegee word aan die algemene probleme en behoeftes wat by hierdie kinders bestaan.

Die probleme wat ontstaan as gevolg van die verwydering van die kind, kan ook 'n besondere invloed op die gedrag van die kind hê en verdien verdere aandag.

Daar word ook aandag gegee aan die manifestasie van besondere probleme wat by hierdie kinders voorkom in sekere gedragsafwykings nl. enurese, hakkel en weglopery.

### 1. ALGEMENE PROBLEME EN BEHOEFTES WAT SPRUIT UIT DIE GESINSAGTERGROND VAN KINDERS.

Die gesinsagtergrond van die sorgbehoewende of beweerde sorgbehoewende kind kan tot gevolg hê dat die kinders te kampe het met verskeie probleme wat hulle maatskaplike funksionering nadelig mag beïnvloed. Die feit dat die kinders toegelaat word tot die veiligheidsplek, impliseer dat daar een of ander vorm van maatskaplike wanfunksione= ring by die gesin bestaan. As gevolg van hierdie toestand het die gesin onder die aandag van die maatskaplike werker gekom en is die kind verwyder. Die verwydering van die kind as sodanig impliseer egter geensins dat die probleme van die kind of die gesin met of as gevolg van die verwy= dering opgelos is nie.

Na die verwydering van die kind uit die ouerhuis, kan die kind 'n gevoel van verwerping ervaar. Die negatiewe invloed wat die kind in sy ouerhuis ervaar het, kan tot gevolg hê dat hy negatief kan reageer teenoor ander persone met wie hy in aanraking kom.

Armoede wat moontlik by die gesin aanwesig kon gewees het óf 'n verkeerde diëet wat deur die moeder gevolg word - by gebrek aan kennis - kan tot gevolg hê dat die kinders ondervoed is.

Liefde en sekuriteit ontbreek oor die algemeen by hierdie kinders en 'n gebrek aan kommunikasie tussen die ouers onderling en tussen die ouers en die kinders self kom voor. Die vreemde omgewing van die inrigting laat so 'n kind nog meer onseker voel. Hierdie gevoel van on= sekerheid kan tot gevolg hê dat die kind negatief reageer. Hierdie negatiewe reaksie van die kind kan bestempel word as kompenserende gedrag. Rokery, veral onder die seuns, kom algemeen voor. (Ondersoeker het self te make gehad met 'n geval waar 'n seun in die veiligheidsplek, 6 jaar oud was en reeds straf gerook het.) Onder dogters kom die probleem nie so algemeen voor nie, alhoewel tog onder groter dogters. Masturbasie kan onder die seuns meer algemeen voorkom maar is minder algemeen onder die dogters. "Masturbation is more common among boys than among girls, and among children who are poorly adjusted than among those who are well adjusted." (Hurlock, 4de Uitgawe 1964)

## 2. DIE INTENSIFISERING VAN PROBLEME AS GEVOLG VAN DIE VERWYDERING VAN DIE KIND UIT SY OUERHUIS.

Die verwydering van die kind hou in dat die gesin as

sodanig onderwerp word aan 'n ondersoek wat deur die kommissaris van kindersorg in die kinderhof gehou word. Die prosedure wat tydens die ondersoek plaasvind, vereis dat die relevante getuienis deur die hof aangehoor word en die hof besluit of die kind uit die gesinsverband ver=wyder moet word.

As gevolg van die negatiewe invloed van die huislike om=standighede op die kind, word die kind verwyder. Hierdie kind is reeds 'n verwarde persoon wat nog meer verward kan raak as gevolg van die verwydering.

Die hele proses met betrekking tot die verwydering van die kind moet met die grootste omsigtigheid geskied. Die kind kan nie altyd verstaan waarom die verwydering eintlik nood=saaklik is nie en kan dikwels in opstand kom.

Die verwydering van die kind uit die gesinsverband is 'n traumatiese belewenis in sy lewe. Indien die verwydering en plasing nie met die gesin deurgewerk word nie, kan daar onberekenbare skade aan die gesin, maar veral ook aan die kind, gedoen word.

2.1 Skeidingsangs

Die belewenis van skeiding van sy ouers wat die kind moet ondergaan, het 'n negatiewe invloed op sy emosionele lewe. Die totale verwydering van sy vader en moeder en die plasing in 'n ander atmosfeer en omgewing is vir enige kind, hoe goed voorberei hy mag wees met die oog op sy verwydering, 'n skokkende belewenis, want die kind raak gewoond aan sy omgewing. "As the child matures he establishes a schema for his mother or his caretaker in particular places. The schema is not for the mother as an individual regardless of where she is, but it is of the mother in particular

contexts - in the kitchen, leaving the bedroom, standing by the sink. If the child is exposed to events discrepant from these representations and is unable to interpret them, he will become afraid." (Mussen, Conger & Kagen, 1974, p. 210)

Na aanleiding van die inhoud van hierdie aanhaling, blyk dat die skeiding van die kind uit die vir hom bekende omgewing, 'n reaksie van angs by die kind ontlok.

2.2. Die gevolge van angs by die kind

Volgens Morgan en King is die gevolge van angs dat die mens "ongemaklik voel." "In the extreme it causes misery. Anxious people by definition, are unhappy people. At the best, they are slightly uncomfortable, at worst, they experience a misery comparable to the pain suffered in severe injury or physical illness. (Morgan en King, 1966, p. 474). Om= dat die gevoel van angs 'n bedreiging vir die indiwidu inhou, probeer die mens ontslae raak van die gevoel want "... anxiety motivates a person to get rid of it ... He attempts to reduce anxiety by using defence mechanisms." (Morgan & King, 1966, p. 475)

Om die indiwidu dus in staat te stel om saam met die angs te lewe, maak die kind gebruik van sekere verdedigingsmega= nismes. Vandaar die rede dat talle kinders byvoorbeeld hulle skuldig maak aan een of ander vorm van afwykende gedrag.

2.3 Die gedrag van die kind as gevolg van angs

Hurlock omskryf die gedrag van die kind as gevolg van angs soos volg: "The child who is worried or anxious

may keep his concerns to himself, brooding over them and often intensifying them; he may turn outward, verbalizing his concerns, and this bid for attention and sympathy; or he may thrust the blame for his troubles on others, thus freeing himself from some of his feelings of inadequacy or insecurity." (Hurlock, E., 1964, p. 281)

Volgens Hurlock (1964, p. 281) kan die reaksie by die kind 'n gematigde vorm aanneem; die kind kan byvoorbeeld moede=loos, baie gespanne of geïrriteerd voorkom. Hy mag ruste=loos slaap, woedebuie openbaar, of baie sensitief wees in sy verhoudings met die mense om hom. In 'n nie-ernstige vorm kan die kind hom skuldig maak aan afreagerende gedrag. Hy mag rusteloos wees wanneer hy in mense se geselskap verkeer. Die kind kan ook situasies vermy wat sy gevoel van angs by hom opwek en, om die situasie te vermy, kan hy gaan slaap sonder om eintlik moeg te wees. Een van die verdere kenmerke van 'n persoon met 'n angsreaksie is "... an anxious person ... tends to overdo or to underdo. A slight affront of critisism may send him into a rage, or he may have what seems like an excess of calm when there really is something to get emotional about, as though he were under duress to put a tight lid on his feelings." (Hurlock 1964, p. 281) Die gevolge van die ervaring van die angsgevoel by die kind kan 'n diffuse reaksie wees omdat hy nie die situasie kan hanteer nie.

Daar is nie 'n bepaalde effektiewe reaksie wat die gevoel van angs kan verlig nie. "When you are anxious, you are merely stirred up, unhappy and driven to do something when there is really little to do. Anxiety is therefore primary evidence of a lack of adjustment." (Hurlock, 1964, p. 281)

Die verwydering van die kind uit sy bekende omgewing en daaropvolgende gevoel van angs by die kind, kan hom moeilik

laat aanpas by sy omgewing en allerhande "onlogiese" reaksies laat openbaar. Daarom is dit noodsaaklik dat die verwydering van die kind uit sy bekende omgewing met die kind verwerk moet word. Die omgewing waarin die kind hom bevind ná verwydering moet ook stimulerend inwerk so= dat die emosionele skok wat die kind ondervind, nie so 'n geweldige invloed op hom het nie.

## 3. DIE MANIFESTASIE VAN DIE PROBLEME VAN KINDERS IN ENKELE AFWYKENDE GEDRAGSWYSES.

Die voorkoms en hantering van enurese, hakkel en weglopery was vir die ondersoeker tydens sy verblyf aan 'n kinderhuis en by Monument veiligheidsplek een van die gedragswyses by die kind wat meeste probleme lewer. Aangesien daar geen algemeen beskikbare gegewens was in verband met die aard en oorsake, asook voorskrifte met betrekking tot hantering en behandeling van die verskynsels nie, moes op eie inisia= tief ondersoek gedoen word.

### 3.1. Enurese

Enurese kan omskryf word as "... the repeated involuntary discharge of urine after the second year of life." (Bakwin & Bakwin, 1971, p. 251)

Pretorius (1970, p. 106) meen daar bestaan 'n groot verskil oor wat die eintlike oorsake van enurese is. Volgens die skrywer bestaan daar 'n moontlikheid van oorerwing maar ook van emosionele verstoring. 'n Versteurde moeder-kind ver= houding word dikwels as 'n oorsaak van enurese voorgehou. Die kind sou dan onbewus teen sy moeder in opstand kom en om dié rede die bed natmaak. Daar is aanvaar dat enurese dikwels die gevolg is van 'n konflik tussen die moeder en die kind waar die moeder te gou met die toiletopleiding begin, met ander woorde voordat die kind fisiologies gereed is daarvoor, of toiletopleiding te lank uitstel.

Sara en Gidseg (1955, p. 389) beweer in bogenoemde verband die volgende: "Another thing that seems to be responsible for many a child's failure to learn to keep dry over night, or for his slipping back after the dry habit has once been learned, is a feeling of unsecurity. A feeling that all is not well between his parents, a suspicion that maybe his mother loves his younger brother more than she loves him if he is seperated from his parents - these are a few of the kinds of things that may make a child feel that the ground under his feet is slipping."

Die aard van die verhoudings wat die kind het tot sy omgewing sal dus grootliks bepaal of die kind voortdurend in angs en onsekerheid verkeer, al dan nie. Hierdie ervaring van on= sekerheid kan daartoe aanleiding gee dat die kind aan enurese kan ly, want daar is bevind dat die kinders wat aan hierdie verskynsel ly, is: "... inhibited, blocked and immature, and lacking in selfconfidence ... " (Breckenridge, E. & Vincent, 1965, p. 248) "Enuresis may also be associated with anxiety and emotional insecurity caused by various kinds of interpersonal stresses." (Baker, 1971, p. 97 - 98) Al= hoewel die voorkoms van enurese by die kind 'n fisiologiese oorsprong mag hê, kan die oorsprong ook die gevolg wees van emosionele steurings by die kind.

Wanneer daar in gedagte gehou word dat die kind uit sy bekende omgewing verwyder word na die onbekende omgewing van die in= rigting, kan dit aanleiding gee tot angsreaksie by die kind wat kan manifesteer in enurese.

Hier kan ook gemeld word dat geslagsverskille, sosio-ekonomiese faktore, (Bakwin & Bakwin, 1972, pp. 435 en 436) en rasse= verskille (Pretorius, 1970, p. 107) ook 'n rol speel by die voorkoms van die verskynsel terwyl die fisiologiese oorsaak (Van Elfen, 1973, p. 177) ook nie uit die oog verloor moet word nie.

Wat die behandeling van die probleem betref, sal dit nodig wees om vas te stel of daar enige fisiese defekte teenwoor= dig is, en dit medies laat behandel. Indien dit egter nie die geval blyk te wees nie, sou dit nodig wees om vas te stel wat die oorsaak van die probleem is. "Find out the cause of the child's tension and work to eliminate that rather than putting too much stress on the problem of bed-wetting." (Hurlock, 1970, p. 207) "The cure in such cases lies, of course, in the removal of the cause plus encouragement for right doing." (Skinner & Harriman, 1958, p. 376)

Hurlock (1964, p. 207) beveel ook aan dat "... Never ridicule, scold, or spank the child for wetting his bed ..." Daar moet ook 'n besondere verhouding tussen die persoon wat die kind daagliks hanteer en die kind bestaan.

"Seuns moet die sielsgenote van hulle vaders en dogters die vertrouelinge van hul moeders word. Moet hulle tog nie be= teuterd laat word deur u rug vir die kind te keer as hy skugter toenadering soek nie. Onthou, hierdie kinders is reeds sensitief van geaardheid anders sou hulle nie hierdie probleem gehad het nie." (Van Elfen, 1973, p. 180)

Die personeel verbonde aan die veiligheidsplek is 'n plaas= vervangende figuur vir die ouer en moet dus hierdie funksie vervul.

Vir die effektiewe behandeling van enurese is die bepaling van die oorsaak van die toestand baie belangrik. Wanneer die oorsaak vasgestel word, kan daar voortgegaan word met 'n effektiewe behandeling vir die kind. Die kind se vertroue in die terapeut is van die allergrootste belang om sukses te verseker.

## 3.2 Hakkel

Drever omskryf die begrip as "A disorder of speech characterized by clonic and tonic contractions of the muscle systems involved

in speech; usually employed, alternatively with stammering, to include both blocking, and convulsive repetition of speech sounds, a psychological, not physical disorder." (Drever, 1952, p. 285) Andrews en Harris definieer die begrip soos volg: "Stuttering is an interruption in the normal rhythm of speech of such frequency and abnormality as to attract attention, interfere with communication, or cause distress to a stutterer or audience. He knows preci= sely what he whishes to say, but at the time unable to say it easily because of an involuntary repetition, prolongation or cessation of sound." (Andrews & Harris, 1964, p. 1)

Volgens Bakwin en Bakwin kom hakkel en ander spraakprobleme voor in dieselfde geslag en in verskeie lede van dieselfde familie. Hakkel is skaars onder kinders met 'n belemmerde gehoor en kom nie voor onder onontwikkelde persone nie. (Bakwin & Bakwin, 1972, p. 401)

Daar is 'n aansienlike neiging tot hakkel waar een of ander vorm van afwyking by die sentrale senuweestelsel voorkom. "Blauton ascribes stuttering to a conflict between the functions of the thalamus and the centres of speech." (Kanner, 1962, p. 525)

Wanneer die kind in een of ander vorm van sosiale druk verkeer, wanneer hy begin leer om te praat of die eerste keer die skool besoek, kan hy begin hakkel. "Between two and four years of age when progress in speech is rapid, the child is called upon to make many new adjustments. He is expected to curb his rapidly emerging desires and abilities, he is being trained in selfcare. Ofter at this age, he has a new sibling, and both jealousy and anxiety disturb him. (Bakwin & Bakwin, 1972, p. 402)

Volgens Verville (1968, p. 172) kan die omgewingsfaktore en

'n emosionele belewenis wel 'n rol speel by die voorkoms van hakkel. Traumatiese ervarings van die kind kan hakkel tot gevolg hê, die effek van hierdie belewenis verdwyn nie wanneer die traumatiese gebeurtenis oor is nie, maar het 'n onderliggende uitwerking op die fynere koördinasie van spiere en senuweebane wat nodig is vir spraak.

Dit is duidelik dat die oorsake van hakkel by kinders die gevolg kan wees van 'n fisiologiese toestand of as gevolg van 'n emosionele belewenis wat die kind ondervind het.

Wanneer ons na die hakkelaar se verhoudings in die algemeen kyk, blyk dat sy algemene vordering nie na wense is nie. Hy is anders as die gewone kind wat geredelik maklik saamspeel - hy openbaar die neiging om homself af te sonder. Wanneer die kind hom in die speelsituasie bevind, moet daarop gelet word wat die oorsake is van die angs en konflikte waarin hy verkeer. In hierdie terapeutiese si= tuasie moet die kind op dieselfde vlak van ontwikkeling gebring word as die gemiddelde kind van sy ouderdomsgroep. Om dié doel te bereik moet daar 'n diepgaande studie van die oorsprong van die kind se probleem gemaak word. (Vgl. Hayworth 1964, p. 167) Volgens Hartley (1954, p. 8) kan die kind deur spel uiting gee aan enige traumatiese belewenis wat hy ondervind het, want die kind kan deur spel uiting gee aan sy emosies. "He expresses traumatic fixations, conflicts and hostilities. The child also uses play to disguise genuine conflicts and difficulties or he may use play to relax tension and anxiety. Of greatest importance is the fact that as the young patient discharges aggression and seeks to overcome traumatic anxieties through play, it acts as a regulative mechanism." Spel kan van onskatbare waarde wees vir die behandeling van die kind wat hakkel. Spel kan daartoe aanleiding gee dat hy meer gemoedelik kan wees in sy optrede teenoor ander en gevolglik makliker sal in= skakel by sy groep.

Deur middel van projektiewe terapie (Murphy & Fitziomons, 1960, p. 345) kan die kind sy gevoelens projekteer in 'n atmosfeer van gemoedelikheid en vryheid. Gevolglik word vrees wat 'n belangrike rol speel, geëllimineer deur te= rapeutiese situasie waarin die kind homself identifiseer met 'n persoon wat 'n positiewe rol in sy lewe speel. Die kind wat hakkel kan ook deur middel van 'n spraakterapeut of deur middel van elektroniese apparaat behandeling kry. (Van Dyk, 1974, p. 107)

3.3 Weglopery

Strydom (1970, p. 205) is van mening dat die verband tussen die mate van ontwrigting wat die kind beleef het voor sy opname in die inrigting, verband hou met sy neiging om weg te loop.

Die probleem bestaan dat daar geen effektiewe behandeling is vir die kind wat aanhoudend wegloop uit die inrigting nie.

Ondersoeker stem met Strydom saam dat daar hoofsaaklik drie breë motiewe vir weglopery is, naamlik:

- "'n Sterk binding of verlange na die ouerhuis.
- Wegloop om 'n spesifieke doel buite die inrigting te verwesenlik.
- Weglopery as gevolg van konflikte en probleme met inskakeling by die groep."

(Strydom, 1970, pp. 205 - 206)

Die voorgeskrewe prosedure wat gevolg moet word nadat 'n kind uit die veiligheidsplek weggeloop het, is om die kind voor die kommissaris van kindersorg te bring wat die kind dan na die inrigting terugstuur tesame met die hofnotule en aanhoudingsbevele. Die probleem bestaan dat die behoefte

van die kind nie noodwendig tydens die hofondersoek werklik in aanmerking geneem word nie.

Die verlange na die ouerhuis speel 'n baie belangrike rol in die kind se lewe. Hy beleef die skeiding van sy ouers in 'n ernstige lig en sy intense verlange na die ouers kan aanleiding daartoe gee dat die kind uit die inrigting na sy ouerhuis wegloop, onder andere ook omdat laasgenoemde omgewing vir hom bekend is. By die ouerhuis ervaar hy beskerming.

Die kind kan moontlik ook wegloop om aandag op homself te vestig. Deur die pleeg van 'n negatiewe daad buite die inrigting word die aandag op hom gevestig, en kry hy die nodige aandag wat hy soek. So gebeur dit dikwels dat kinders wegloop na 'n ander dorp of stad as waar die ouers bly of selfs een of ander ernstige oortreding begaan deur misdaad te pleeg of promiskue verhoudings met die teenoorgestelde geslag aan te knoop. Laasgenoemde is veral die "oortreding" wat deur dogters in hulle puber= teitsjare begaan word. (Vgl. Strydom, 1970, p. 206)

Volgens Strydom (1970, p. 206) noem Kovar dat die dogter in die puberteitsjare, wat gevoelens van verwerping be= leef en emosioneel behoeftig is, haar behoefte aan die ouers in haar verhoudings met die teenoorgestelde geslag probeer uitleef, om sodoende 'n gevoel van sekuriteit te ervaar.

Die weglopery van die kind kan ook plaasvind omdat die kind homself in 'n moeilike maatskaplike situasie binne die inrigting bevind. Sy aanpassing binne die groepverband kan dalk probleme lewer. Die gebrek aan normale gesins= verhoudinge lewer vir die kind probleme aangesien die inrigting nie die plek van die gesin kan inneem nie.
Aan die ander kant kan dit ook waar wees dat die omstandig=

hede by die huis sodanig is dat dit hinderlik inwerk op die kind se denke en aanpassing binne die inrigting en 'n lae groepmoreel tot gevolg kan hê. (Vgl. Strydom 1970, p. 207)

Alhoewel daar oënskynlik geen definitiewe plan van be= handeling vir die probleem is nie, meen navorser dat dit eerstens noodsaaklik is dat die kind as indiwidu behandel moet word. Die kind moet erken word as 'n mens met sy eie behoeftes, beperkinge en moontlikhede. Die algemene opset van die inrigting moet ook so wees dat dit vir die kind 'n aangename ervaring moet wees om daar te bly. Die samewerking van die kind met die personeel is beslis 'n deurslaggewende faktor en ontwikkel die gevoel van eie waarde by die kind. Dit skep 'n gevoel van sekuriteit by die kind en hef die kind moreel op. As die kind gelukkig is in sy omgewing, sal hy nie die inrigting verlaat nie.

4. SAMEVATTING.

Die besondere gesinsagtergrond en verwydering van kinders het dikwels deurslaggewende invloed op die behoeftes, aan= passing en maatskaplike funksionering van die kind in die vei= ligheidsplek.

As gevolg van die verwydering van die kind uit sy gesinsverband kan die kind se probleme vererger. Dit kan onder andere opge= merk word in angsreaksie. Hierdie reaksie kan diffuus van aard wees. Elke kind reageer anders op grond van sy agter= grond en samestelling. Die kind moet dus as indiwidu benader word.

Voor verwydering plaasvind, is dit nodig om die wenslikheid

van die plasing van die kind in die veiligheidsplek ernstig te oorweeg, met ander woorde daar moet aller= eers deeglike aandag gegee word aan die vrae is dit in die kind se belang; kan die kind nie moontlik elders in 'n meer bekende omgewing, as die veiligheidsplek ge= plaas word nie? Ten einde die angsreaksie by kinders tot 'n minimum te beperk, moet die kinders se indiwiduele behoeftes in aanmerking geneem word.

Die algemene probleme en behoeftes wat hierdie kinders ondervind, kan ook aanleiding gee tot meer ernstige ge= dragsprobleme. Die algemene probleme en behoeftes van hierdie kinders het normaalweg as oorsprong 'n gemis in die persoonlikheidsontwikkeling van die kind. Aanpas= singsprobleme binne die groep, een of ander vorm van negatiewe gedrag, soos rokery en masturbasie is moontlike kompenserende gedrag en dien om 'n "gevoel van sekuriteit" by hierdie kinders te skep. Terselfdertyd kan dit ook skuldgevoelens meebring.

Die manifestering van hierdie kinders se probleme in besondere gedragsafwykings, het oor die algemeen 'n emosionele basis, alhoewel 'n fisiese defek ook 'n veroorsakende faktor mag wees. Ten einde hierdie probleme doeltreffend te behandel, is dit nodig dat die veroorsakende faktore bepaal word. Weereens vereis dit dat die kind as indiwidu waargeneem en behandel moet word.

In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan die funksio= nering van die waarnemingskomitee as instrument vir die waarneming en identifisering van persoonlike probleme en behoeftes by die kind in die veiligheidsplek.

# HOOFSTUK VI

## DIE WAARNEMINGSKOMITEE SE SAMESTELLING EN FUNKSIE MET BESONDERE AANDAG AAN DIE IDENTIFISERING VAN BEHOEFTES BY KINDERS

In hierdie hoofstuk word daar gelet op die samestelling, prosedures en funksies van die waarnemingskomitee soos bepaal in die Kinderwet, 1960. Verder word aandag gegee aan die samestelling, maatreëls en prosedures van dié komi= tee soos in werking gestel by Monument veiligheidsplek ten= einde die persoonlike probleme en behoeftes van die kind te identifiseer.

### 1. DIE SAMESTELLING VAN DIE WAARNEMINGSKOMITEE

Alhoewel die term "waarnemingskomitee" amptelik in ge= bruik is, funksioneer hierdie komitee as 'n span wat uit verskillende professionele persone saamgestel word. "Waarnemingskomitees bestaan uit 'n paneel verteenwoor= digend van die volgende dienste:

maatskaplike werk, sielkunde, mediese en psigiatrie waar nodig. Die volgende beamptes is op die paneel verteenwoordig: die plaaslike streekhoof van hierdie Departement van Volkswelsyn en Pensioene of sy verteen= woordiger, 'n staatsmediese beampte, 'n sielkundige ver= bonde aan die onderwysdepartement of die plaaslike universiteit, die betrokke vakkundige beampte (maatskaplike werker in diens van die Staat) of maatskaplike werker (in diens van 'n welsynsorganisasie) en die superintendent van die veiligheidsplek. 'n Psigiater kan gekoöpteer word, indien nodig. As voorsitter van die komitee tree die streekhoof of sy verteenwoordiger op. Die kommissaris van kindersorg is 'n belangrike skakel in die organisasie van waarnemingsentrums aangesien hy in die eerste plek gemoeid is met die keuring van elke geval vir waarneming op grond van motiverings deur die betrokke proefbeampte/maatskaplike werker. Ook die finale beslissing nadat waarneming voltooi is, berus by hom." (Navorsing en Inligting, 1964, p. 5)

Die samestelling van die waarnemingskomitee is multi-dissiplinêr van aard. Die kommissaris van kindersorg speel 'n belangrike rol by die keuring van 'n kind vir waarneming. Die kommissaris van kindersorg laat hom in die verband egter lei deur die verslag van die maatskaplike werker. Die kommissaris van kindersorg is ook die persoon wat 'n finale beslissing gee met betrekking tot die toekoms van die kind nadat waarneming voltooi is.

## 2. SPANBENADERING EN PROSEDURES IN DIE WAARNEMINGSKOMITEE

### 2.1. <u>Spanbenadering soos toegepas in Monument veiligheidsplek</u>

Die terrein waarop daar waarneming gedoen moet word, bestaan onder meer uit die maatskaplike, fisiese en emosioneel-psigiese aspekte van die kind se funksione= ring. Om hierdie terreine te dek beteken dat verskil= lende professionele persone ingespan moet word om die probleem van die kind te diagnoseer asook teneinde leiding te gee vir 'n plan van behandeling vir die kind.

Teneinde die effektiwiteit van die multi-dissiplinêre span te verhoog, is dit van besondere belang om die fundamentele beginsels te bepaal waarop goeie samewerking tussen die lede van die span berus:

Volgens Strating (1969, p. 10) kan die volgende as kri= teria dien vir doeltreffende spanwerk:

"(a) ten aansien van bepaalde aspekte ooreenstemmende verantwoordelikhede wees;

(b) 'n Gemeenskaplike problematiek;

(c) 'n gestruktureerde werkverband;

(d) 'n interaksieproses tussen die lede;

(e) aanvullende deskundiges;

(f) die noodsaaklikheid, bereidheid en geskiktheid om saam te werk;

(g) funksionele gelykwaardigheid tydens spanproses."

Afgelei vanuit bogenoemde, blyk dat dit van belang is dat daar 'n bepaalde doel voor oë moet wees wat bereik moet word. Ten einde goeie samewerking tussen die verskillende lede van die span te verkry, is dit nodig dat daar deeglik kennis gedra moet word van die terrein van ondersoek van elke lid van die span, asook die metode wat aangewend word om die terrein te ondersoek. Verder moet daar 'n gesonde kommunikasielyn tussen die verskillende lede van die span wees. Die lede van die span moet van aanvullende deskundige hulp gebruik maak ten einde hulle doel te bereik. Uit die aard van die saak is dit noodsaaklik dat daar nie oortree moet word op die ander se terrein nie. Wedersydse erkenning en 'n geskiktheid om saam met ander te werk, is noodsaaklik ten einde gesonde samewerking te verkry.

2.2. <u>Voorgeskrewe prosedures by waarnemingskomitees</u>

Die prosedures van en in verband met waarnemingskomitees word omskryf in die amptelike publikasie van die Departe= ment van Volkswelsyn en Pensioene wat handel oor waar= nemingsentrums. (Vgl. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, 1964, p. 6 - 9)

Die volgende prosedure moet by alle gevalle vir waar= neming ingevolge die Kinderwet, 1960, gevolg word:

"'n Voorlopige gemotiveerde verslag word deur 'n proefbeampte/maatskaplike werker opgestel. Die verslag word in die geval van die proefbeampte deur sy beheerbeampte en in die geval van die maatskaplike werker, deur die kanalisasiebeampte van die Departement gekeur en dan aan die betrokke kommissaris van kinder=sorg voorgelê.

"Die mees algemene gebruik is om 'n afskrif van die voorlopige gemotiveerde verslag van die proefbeampte/maatskaplike werker, wat die maatskaplike agtergrond skets, kort nadat die geval vir waarneming verwys is, aan die komiteelede te verstrek. Sodra die komiteelede hulle onderskeie verslae gereed het, word dit aan die hoofvolkswelsynbeampte beskikbaar gestel om afskrifte of opsommings daarvan aan die betrokke komiteelede te stuur.

"Ten opsigte van die sielkundige toetse is die algemene neiging om 'n verskeidenheid toetse te gebruik wat aan=pas by die aard en omstandighede van elke waarmenings=geval.

Waarneming van gevalle deur die verantwoordelike beamptes van die Departement asook die betrokke maatskaplike werkers, geskied hoofsaaklik deur gereelde besoeke aan die waarnemingsentrum, onderhoude met die superintendent, onderhoude en ondervraging van die waarnemingsgevalle se reaksies tydens groepwerksessies en onderlinge raad=pleging tussen beheerbeamptes en die betrokke proef=beamptes/maatskaplike werkers.

"Waarnemingskomitee-vergaderings word gereeld ten opsigte van alle waarnemingsgevalle gehou en geskied gewoonlik ten minste een keer in elke geval voordat 'n finale aan=

beveling aan die kommissaris van kindersorg verstrek word. In sommige gevalle word skriftelike notules van vergaderings gehou, maar in ander gevalle is dit ge=bruiklik om slegs die aanbeveling van die komitee op die lêer aan te teken en by die verslag (van die maat=skaplike werker) in te lyf.

Finale omvattende verslae word deur die beampte belas met die ondersoek opgestel; die besluite van die waarnemingskomitee word daarin vermeld en aan die kommissaris van kindersorg voorgelê." (Navorsing en Inligting, 1964, pp. 6 - 9)

Dit is duidelik dat die primêre taak van die waar=nemingskomitee dié is van die waarneming van die kind met die oog op die diagnosering van die kind se probleem en aanbeveling van 'n plan van behandeling vir die kind.

## 3. DIE FUNKSIES VAN DIE LEDE VAN DIE WAARNEMINGSKOMITEE.

Die maatskaplike werker gebruik die komitee as hulpbron want: "... Vir vakkundige beamptes en maatskaplike werkers is die waarnemingsentrum derhalwe in der waar=heid 'n hulpmiddel om die aanpassingsprobleme van die kinders met dieper kennis te diagnoseer en op 'n breër grondslag op 'n plan van behandeling te besluit." (Gekonsolideerde omsendbrief no. 23, 22 Julie 1965)

Die taak en funksie van die maatskaplike werker is om die kind in die waarnemingsentrum te besoek, onder=houde te voer en 'n volledige verslag in die verband aan die waarnemingskomitee voor te lê. Ook die ouers moet besoek word met die oog op 'n volledige tussentydse verslag. Nog 'n funksie van die maatskaplike werker

is om te alle tye, so lank die waarnemingsproses aan die gang is, beskikbaar te wees vir die ander lede van die span met die oog op konsultasie. Dit is baie belangrik dat die maatskaplike werker so 'n volledig moontlike beeld van die kind moet hê. Die voorlopige diagnose en plan van behandeling soos gesien vanuit die maatskaplike werker se oogpunt, kan belangrik wees om riglyne aan die samesprekings te gee.

Die superintendent is die volgende lid van die span onder bespreking. Sy taak en funksie is om die kind, met behulp van sy personeel, deeglik binne die inrigting waar te neem en verslag aan die komitee te doen.

Die sielkundige se taak en funksie is om verskeie siel= kundige toetse af te neem en die toetse te interpreteer. Die bepaling van die huidige emosionele toestand van die kind is 'n verdere taak. Onderhoude moet gevoer word om die bevindings te verifiëer.

Die verpleegster en psigiatriese verpleegster tree hoofsaaklik op as tussenganger tussen die geneesheer, psigiater, neuroloog en die waarnemingskomitee en het ook sitting op die waarnemingskomitee. Die taak en funksie van dié persone is dan ook om die kind binne die inrigting waar te neem vir enige liggaamlike of psigiese afwyking of siektetoestand en verslag in die verband aan die geneesheer en psigiater te doen en ook aan die waarnemingskomitee.

## 4. DIE ROL EN FUNKSIE VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER.

Binne en buite die opset van die waarnemingsentrum het die maatskaplike werker 'n besondere taak en funksie. Die maatskaplike werker is die persoon wat in die eerste plek verantwoordelik was vir die verwydering van die

kind na die waarnemingsentrum. Die maatskaplike werker, as professionele persoon, tree in die verband op as gids want: "Die werker moet as gids dikwels as katalisator optree om verandering, groei en ontwikkeling by die kliënt aan die gang te sit ... en ... die kliënt daartoe lei om 'n terrein te betree wat vir hom onaangenaam of pynlik kan wees en wat die kliënt uit eie wil vermy maar nog= tans moet betree terwille van die doelmatige en effek= tiewe probleemoplossing." (Kahl. 1975, p. 80) Die kind binne die inrigting moet dus geken word in die hele plan van behandeling. Vir die maatskaplike werker moet dit in die eerste plek gaan om die welsyn van die kind en kliënt. Die maatskaplike werker het ook 'n taak om op te tree as instaatsteller (Vgl. Kahl 1975 pp 81 - 83) wat 'n gesonde werker-kliëntverhouding daar moet stel deur die skepping van 'n vertrouingsverhouding. Die kind moet ervaar dat hy die nodige indiwiduele aan= dag van die werker kry en dat hy nie verwerp word nie; die werker moet dus die kind se gevoelens in aanmerking neem. Die werker moet ook deeglik kennis dra van die vermoeëns van die kind en die feite met betrekking tot sy probleem volgens die kind se vermoeëns aan hom oordra ten einde insig by die kind te bewerkstellig.

Die werker het ook 'n taak om die kind te motiveer tot die hele proses van behandeling wat daar beplan word. Om die kind te motiveer tot die behandeling, moet die werker die kind se vermoeëns in ag neem.

Die taak van die maatskaplike werker gaan dus in die eerste plek om die belange van die kind. Die aanpassing, vordering en behandeling van die kind binne die waarneming= sentrum is nie slegs die taak van die personeel nie, maar sluit ook die maatskaplike werker in, want die kind is die voorwerp van sy professionele aandag.

5. BESONDERE MAATREËLS EN PROSEDURES IN VERBAND MET WAARNEMINGSGEVALLE SOOS IN WERKING GESTEL BY MONUMENT VEILIGHEIDSPLEK.

Ten einde te bepaal of daar wel 'n behoefte bestaan aan die dienste van 'n waarnemingsentrum, sal 'n ontleding van enkele statistiese gegewens gemaak word.

Daar moet op gewys word dat die verpleegster en psigia=triese verpleegster verbonde aan die veiligheidsplek nie voorgeskrewe lede van die span is nie, maar met die oog op groter effektiwiteit, wel by Monument veiligheidsplek tot die span toegelaat is.

TABEL 2
AANTAL KINDERS TOEGELAAT TOT DIE WAARNEMINGSENTRUM, MONUMENT VEILIGHEIDSPLEK EN PLEK VAN BEWARING, BLOEMFONTEIN VIR DIE JARE JANUARIE 1973 TOT DESEMBER 1975.*

| JAARTAL | GETAL KINDERS TOEGELAAT |
|---|---|
| 1973 | 7 |
| 1974 | 7 |
| 1975 | 22 |
| TOTAAL | 36 |

---

*Gegewens verkry vanuit lêer nommer 6/6/9/15 - "Bevordering van kinderwelsyn staatsbeheerde veiligheidsplekke en plekke van bewaring. Streekkantoor van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Bloemfontein."

Uit die gegewens blyk dat daar vir die jare 1973 en 1974 geen toename in die aantal kinders wat vir waar= neming verwys is, was nie. Die getal gedurende 1975 vir waarneming verwys, beloop 22. Hierdie toename was 311%.

Die toename van die aantal waarnemingsgevalle kan waarksynlik toegeskryf word aan die bekendstelling van die dienste van 'n waarnemingsentrum soos deur die ondersoeker onderneem. Verskeie lesings, praat= jies en privaatgesprekke met maatskaplike werkers in die Oranje-Vrystaat in die verband is onderneem. Aan die ander kant moet die afleiding gemaak word, dat hierdie diens 'n besondere hulpbron vir die maatskaplike werker is anders sou daar nie so 'n geweldige toename in gevalle wat verwys is, gewees het nie.

Die samestelling van die waarnemingskomitee by die Monument veiligheidsplek verskil van die algemene voorgeskrewe samestelling. Addisionele lede is tot die span toegevoeg, naamlik die verpleegster verbonde aan die veiligheidsplek en die psigiatriese verpleeg= ster. (Laasgenoemde verpleegster is verbonde aan die Oranje Hospitaal wat onder die Departement van Gesondheid resorteer, en lewer dienste aan Monument veiligheidsplek.) Vir die res is daar nie afgewyk van die samestelling van waarnemingskomitees nie.

Daar bestaan geen besondere voorgeskrewe wyse met betrekking tot wanneer verskillende lede van die span in 'n bepaalde volgorde met die kind onderhoude kan voer, toetse doen of in watter stadium hulle die kind moet sien nie.

Die prosedure wat deur die ondersoeker gevolg is, was soos volg:

Sodra die kind ontvang is en vertroud geraak het met sy omgewing, word die kind na die kliniese sielkundige verwys vir onderhoude en die afneem van toetse, maar alvorens die kind na die persoon verwys word, word die kind deeglik ingelig met betrekking tot die doel en aard van die taak van die sielkundige. Terselfdertyd word 'n mediese verslag van die kind aangevra deur die gekwalifiseerde verpleegster in samewerking met die superintendent. Hierdie verslag het hoofsaaklik twee dele, naamlik 'n gedeelte wat deur die distriksgeneesheer voltooi word, en 'n deel wat deur die gesin se huisarts voltooi word. (Departement van Volkswelsyn en Pensioene, 1964, bylae D)

Die superintendent voer onderhoude met die kind om vas te stel of die inligting soos verstrek in die verslag van die maatskaplike werker, volledig is. Enige inligting wat nog ontbreek, word deur die superintendent via die kanalisasiebeampte van die plaaslike streekkantoor van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene aangevra.

Die personeel verbonde aan die veiligheidsplek doen gereëld verslag oor die kind aan die superintendent en wel op 'n voorgeskrewe vorm. Hierdie inligting word deur die superintendent verwerk en in sy verslag aan die waarnemingskomitee voorgelê. So dikwels as wat dit nodig geag word, word daar informele samesprekings deur die verskillende lede van die waarnemingskomitee gehou.

Ten einde volledige besonderhede van die kind te verkry met die oog om 'n volledige beeld van die kind aan lede van die waarnemingskomitee, is dit nodig dat die kind deeglik ingelig moet word oor die proses van waarneming. Beter samewerking van die kind kan dan verwag word. Na die kind die hele proses van waarneming deurloop het en die lede van dié komitee insae in die verslae gehad het,

word daar 'n datum vir die vergadering bepaal. Die superintendent tree op as die sameroeper.

Tydens hierdie samespreking word volledige notule gehou deur die voorsittende beampte, wat die streek=verteenwoordiger van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene is of 'n beampte deur hom aangewys. Ty=dens die samesprekings word daar 'n volledige diagnose, prognose en 'n voorgestelde plan van behandeling vir die kind opgestel. Hierdie verslag gaan na die maat=skaplike werker wat die kind vir waarneming verwys het. Dit is dan die taak van die maatskaplike werker om die aanbeveling in 'n samevattende verslag op te neem en aan die kommissaris van kindersorg voor te lê vir 'n beslissing.

## 6. DIE KIND IN DIE VEILIGHEIDSPLEK AS INDIWIDU.

Al die kinders het besondere behoeftes en probleme. Hierdie probleme en behoeftes verskil egter in graad en intensiteit van kind tot kind.

Ten einde nou die kind as indiwidu te behandel moet daar in die eerste plek op 'n indiwiduele basis sekere behoeftes by die kinders bepaal word. Sodra hierdie indiwiduele behoeftes geidentifiseer is, kan daar daad=werklike aandag aan die kind as indiwidu gegee word deur byvoorbeeld bednatmakers nie as 'n groep te behandel nie, maar as indiwidue. Die kinders funksioneer binne 'n groep in die inrigting en kan uiteraard gemaklik binne die groep "verdwyn". Hierdie "verdwyning" kan baie maklik geskied wanneer die kind 'n tipe gekategoriseer word sonder om sy persoonlike behoeftes en probleme te bepaal.

Indiwidualisme van die kind impliseer nie slegs die bepaling van sy besondere probleme en behoeftes nie maar ook die erkenning van die kind as 'n wese met 'n ewigheidsbestemming en 'n wese geskape na die beeld van God. Hierdie kind staan ook in 'n besondere verhouding tot sy omgewing in die breë verband.

Daar rus 'n besonder groot taak op die skouers van die personeel om die kind te indiwidualiseer deur die bepaling van sy besondere potensialiteite hetsy verborge of nie. Ten einde op hierdie positiewe faktore te bou, word die negatiewe faktore geëlimineer en word die kind in staat gestel tot verbetering in sy maatskaplike funksionering.

7. SAMEVATTING.

Die samestelling van die waarnemingskomitee te Monument veiligheidsplek is sodanig dat daar 'n volledige beeld van die kind opgebou kan word. Wat van primêre belang is, is dat die kind as indiwidu deeglike aandag kry. Deur middel van hierdie komitee word alle negatiewe en positiewe faktore in die kind ontleed en geëvalueer. Met inagneming van die kind se besondere agtergrond en behoeftes kan hierdie professionele persone 'n groot hulp wees vir die maatskaplike werker wat 'n aanbeveling aan die kommissaris van kindersorg moet voorlê.

Ten einde 'n doeltreffende funksionering van die span daar te stel is dit nodig dat daar sekere grondbe= ginsels in gedagte gehou moet word. Kortliks kom hierdie beginsels daarop neer dat daar gesonde kommu= nikasie tussen die lede van die span moet wees. Die lede moet kennis dra van mekaar se terrein van on= dersoek, die metodes wat gebruik word en die gemeen= skaplike doel voor oë.

Elkeen van die lede van die span het 'n besondere taak en funksie. Die maatskaplike werker is die belangrikste persoon aangesien hy die persoon is wat 'n volledige maatskaplike verslag moet gee wat dien as 'n basiese agtergrondverslag van die kind.

Die vermeerdering van die ledetal van die waarnemings=komitee in Monument veiligheidsplek het groot voordele ingehou en tot gevolg gehad dat daar 'n beter insig in die probleme en behoeftes van die kind gekry is. Deur gebruik te maak van die voorgeskrewe mediese verslag=vorm wat deur die distriksgeneesheer en die gesin se huisdokter voltooi word, word daar 'n volledige mediese beeld van die kind verkry.

Uit die statistiese gegewens wat ontleed is het dit geblyk dat daar 'n toename in die aantal waarnemings=gevalle was. Hierdie toename kan toegeskryf word aan die bekendstelling van die hulpbron aan welsynsorgani=sasies en die behoefte wat daar bestaan aan die lewering van so 'n diens.

Die maatskaplike werker het 'n besondere rol te vervul in die veiligheidsplek want die kind is die voorwerp van die veld wat deur die maatskaplike werker in sy professionele hoedanigheid gedek word. Dit is dus voor die hand liggend dat die maatskaplike werker ook in die waarnemingskomitee 'n belangrike rol moet speel. Die waarnemingskomitee is 'n baie belangrike hulpbron vir die maatskaplike werker en stel die werker in staat om 'n beter beeld van die kind as geheel te verkry. Daarom behoort die waarnemingskomitee 'n meer daadwerk=like rol te speel by alle kinders in die veiligheidsplek.

Deur die indiwidualisasie van die kind in die veiligheids=plek, word die kind nie as 'n tipe gekategoriseer nie maar

# HOOFSTUK VII

# DIE VERSORGING EN BEHANDELING VAN DIE KIND IN MONUMENT VEILIGHEIDSPLEK.

Byna die helfte van die kinders wat in veiligheidsplekke aangehou word, verkeer vir langer as 1 maand in die inrigting. (Vgl. p. 24) Hierdie kinders gaan dikwels gebuk onder be= sondere probleme en openbaar besondere behoeftes.

Om hierdie kinders se probleme die hoof te bied en behoeftes te bevredig, beteken dat tydens verblyf van die kinders in die veiligheidsplek intensiewe aandag aan die kinders gegee moet word. Met betrekking tot dienste word veral gelet op die aandag verleen aan kinders in die Monument veiligheidsplek.

## 1. DIE BESTAANDE FASILITEITE VIR DIE VERSORGING VAN KINDERS IN MONUMENT VEILIGHEIDSPLEK.

### 1.1. Personeel

Behalwe vir enkele verwysings na die geskiktheid van personeel vir veiligheidsplekke, kon ondersoeker geen duidelike amptelike riglyne in die verband vind met 'n aanduiding van die eienskappe en keuring van personeel nie. Breedvoerige leiding word egter van staatsweë gegee met betrekking tot onder andere die aanstelling en ontslag van personeel verbonde aan veiligheidsplekke.

Die hele atmosfeer binne die inrigting word hoofsaaklik beheer deur die personeel verbonde aan die inrigting. Met die nodige onderlinge begrip en doelgerigte be= planning kan die personeel saamspan om 'n klimaat te skep waarin die kind kan groei en ontwikkel.

Met betrekking tot die basiese vereistes vir personeel verbonde aan veiligheidsplekke, sê Theron (1975, p.6): "Ten einde goeie inrigtingversorging moontlik te maak,

is dit noodsaaklik om personeel met die regte opleiding, en insig in die kind se innerlike behoeftes, en wat self gelukkige en goed aangepaste persone is, aan te stel. Elke personeellid moet vir aanstelling gekeur word op grond van bepaalde persoonlike eienskappe wat nodig is om met kinders in groepe te werk, asook op grond van kennis, ondervinding en die bevoegdheid om sy besondere taak te verrig."

Daar word ook ander eise aan die personeel in die veiligheidsplek gestel: "Daar is die emosionele span=ning wat veroorsaak word deur met 'n groot aantal kinders en volwassenes (ander personeellede, ouers, ens.) te werk en saam te werk en ook om kinders met 'n verskeiden=heid probleme te hanteer, moet personeel beskik oor die vermoë om in 'n span saam te werk met kollegas. Hulle moet erkenning en respek betoon vir hulle kollegas se bydraes tot die totale program van die veiligheidsplek ... en alle personeellede moet 'n aanvoeling vir kinders hê en op hulle gemak wees in kinders se teenwoordigheid. Hulle moet ook goeie gesondheid geniet, oor 'n gesonde humorsin beskik en die meerderheid behoort nie ouer as 40 jaar te wees nie." (Theron, 1975, p. 6)

Die personeel wat verbonde is aan die inrigting moet persone wees wat hulleself goed kan aanpas binne die groepsverband.

Die taak van die personeel is besonder omvattend en veeleisend. Urbani (1972, pp. 157 - 159) lê riglyne neer in verband met die taak van die huisouer verbonde aan die kinderhuis. Met enkele wysigings kan hierdie riglyne net so toegepas word op die personeel verbonde aan die veiligheidsplek. Ondersoeker is van mening dat die volgende as riglyne kan dien vir die taak van die personeel:

- Die personeel moet 'n huislike atmosfeer vir die kind skep.
- Die kind se vertroue moet gewen word en sy self=vertroue opgebou word.
- Gesonde verhoudings moet met die kind opgebou word.
- Die personeel moet in staat wees om die behoeftes van die kind te identifiseer en verslag daaromtrent aan die superintendent te doen.
- Die verantwoordelikheid vir die versorging van die kind berus by die personeel.
- Die personeel moet in die behoeftes van die kind voorsien.
- Die personeel moet te alle tye selfbeheersing toepas en 'n navolgingswaardige voorbeeld wees.
- Alhoewel die personeel nie lyfstraf mag toedien nie, moet daar in liefde tereggewys word en nie in moe=deloosheid of woede nie.
- Die personeel moet volle samewerking aan ander kollegas bied.
- Die personeel moet in staat wees om liefde, warmte, geduld en opregtheid te gee.
- Die personeel moet vertroud wees met reëls en regu=lasies van die veiligheidsplek.
- Die personeel moet in elke situasie en te alle tye die beste vir die kind gee.
- Hulle moet vertrouensverhoudings kan opbou en ver=troulikheid eerbiedig.
- Die personeel moet nooit subjektief betrokke raak nie.
- Die personeel moet oor die inisiatief en vermoë beskik om hulself beter te bekwaam vir die taak en roeping.

As die personeel aan hierdie vereistes kan voldoen, sal hulle 'n besondere bydrae lewer tot die vorming en uit=bouing van die kind se persoonlikheid.

Die beeld wat die personeellid van sy taak en roeping in die inrigting het, word grootliks bepaal deur sy lewens- en mensbeskouing. Die mens, en daarom ook die personeellid, staan in 'n besondere verhouding tot sy naaste en God. Van Dijk omskryf hierdie verhouding waarin die mens staan as volg: "Die bijbel openbaart ons, dat de mens door God is geschapen, geschapen naar Zijn beeld en gelijkenis en als zodanig door God geplaast binnen het geheel der schep=ping, als kroon en concentratiepunt van de schepping. Ge=schapen niet als "individuum" op en bij zigself bestaande, maar geschapen in het levensverband met zijn medemens, in het levensverband der mensheid, op de ander toegeschapen en afgestemd, begrepen in het verbond met zijn Schepper, zijn medemens en met gans de schepping." (Van Dijk, tweede druk, p. 20) Die mens staan in 'n verantwoordelike verhouding teenoor God, want hy is geskape om te heers oor die skepping, as kroon van die skepping van God, op die aarde. (Vgl. Psalm 8: 6 - 9 en Gen. 1: 26 - 28) Hierdie verantwoordelikheid van die mens is van besondere belang want "De mens gaat niet op in dit tijdelike leven, hij bezit eeuwigheidswaarde." (Van Dijk, tweede druk, p. 20)

Die besef van ewigheidswaarde van die mens sal grootliks bepaal hoe die personeellid die kind en sy taak as perso=neellid in die veiligheidsplek ervaar, "Want niemand van ons leef vir homself nie ... want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; en of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here." (Romeine 14: 7 - 8) Hierdie besef van dié groot verantwoordelikheid, sal die personeel=lid dus motiveer tot positiewe en verantwoordelike optrede teenoor sy besondere taak en roeping.

Aangesien die kind in die veiligheidsplek in 'n vreemde omgewing verkeer, is dit noodsaaklik dat die personeellid op 'n gesonde wyse met die kind sal kan kommunikeer. Volgens Patton en Griffen (1974, p. 6) kan die kommunikasie omskryf word as "the generation and attribution of meaning." Om hierdie doel te bereik, is dit nodig dat die partye wat met mekaar kommunikeer, weet watter betekenis aan 'n bepaalde begrip of handeling geheg word.

Indien die taalvermoë van die kind nog nie so ontwikkel het dat hy met 'n mens kan gesels nie, moet daar van ander media gebruik gemaak word. Die voorskoolse of jonger kind wat verwyder is uit gesinsverband, verkeer onder verwar= rende omstandighede en moet gekalmeer word. Dit sou dus wenslik wees om ook en veral op 'n nie-verbale vlak met die kind te kommunikeer deur hom byvoorbeeld aan die hand te neem of op die skoot te tel, om hom sodoende op 'n tasbare wyse gerus te stel.

Wat ook van belang is, is om daarop te let dat daar toe= getree moet word tot die leefwêreld van die kind, dus die ervaringsvlak van die kind. "The child as well as the adult, must be met where he is and the child - of course - is at a lower level of experience. With both, the relationship is used as a means of understanding the individual and his problems and helping him to live more comfortably with himself and his environment." (Holgate, 1972, p. 24)

Vooroordele moet tydens gesprekke met die kind vermy word. "The interviewer must learn to counteract this perfectly natural tendency to condemn all behaviour that conflicts with his own standards ... Real acceptance is primarily acceptance of the feelings given expression by behaviour and does not necessarily involve acceptance of unsocial behaviour at all; real acceptance involves positive and

active understanding of these feelings and not merely as negative and passive refusal to pass judgment." (Garret, 1965, p. 23) Dit is dus noodsaaklik dat die negatiewe gedrag wat die kind openbaar, aanvaar moet word. Dit sal die personeellid in staat stel om enige vooroordeel te vermy. Gevolglik kan daar makliker met die kind gekommunikeer word.

Volgens Kadushin speel egtheid ook 'n baie belangrike rol by die kommunikasie met die kind. "Authenticity on the part of the interviewer requires that he or she shall be real and human in the interview. It implies responsiveness and spontaneity, the willingness and readiness to share with the interviewer one's own feelings and reactions about what is going on in the interview." (Kadushin, 1972, p. 53)

Sinvolle kommunikasie met die kind beteken dat die personeellid die kind beter verstaan en in die kind se besondere behoeftes kan voorsien. Dit hou ook in dat die kind die personeellid verstaan. Gevolglik kan die kind gehelp word tot beter funksionering.

1.2 Geboue

Die volgende definisie gee 'n goeie beeld van die vei= ligheidsplek as tydelike verblyf vir die kind: "Since the place of safety is fundamentally a temporary home, it is as well to organize it to give the normal but unfor= tunate child the care and security it is seeking." (C.S.I.R. Planning of places of Safety and detention, p. 21)

Die kind wat tot die veiligheidsplek toegelaat word het besondere behoeftes waaraan aandag gegee moet word. Die veiligheidsplek moet vir die kind 'n veilige hawe wees

waarin hy hom bevind. Om veilig en geborge te voel moet die opset so wees dat die kind genoegsame privaatheid kan geniet maar ook terselfdertyd genoeg ruimte kan hê om in te kan beweeg. Tot 'n mindere of meerdere mate is die kind gewoond aan die privaatheid wat 'n eie woning hom bied. In die inrigting verkeer hy in 'n ander omgewing as dié waaraan hy gewoond is.

Tans bestaan die gebou van die Monument veiligheidsplek hoofsaaklik uit aparte woongeriewe vir seuns, dogters, kleuters en babas. Daar bestaan ook 'n gemeenskaplike eetkamer, 'n ontspanningskamer, administratiewe kantore en voldoende speelruimte vir die kinders.

Vir sover dit prakties moontlik is, is dit die gebruik dat die groter en kleiner kinders in die slaapsale geskei word. Hierdie reëling is nie altyd prakties uitvoerbaar nie. Die gevolg is dat daar deur ondersoeker ondervind is dat veral die kinders in hul puberteitsfase nie vol= doende privaatheid kan geniet nie, aangesien hulle 'n ge= meenskaplike slaaplokaal deel met jonger kinders. Die gebrek aan privaatheid kan daartoe aanleiding gee dat die kind psigies skade kan lei.

Dit is dus voor die hand liggend dat die inrigtingsopset so ontwikkel moet word dat dit vir die kind 'n aangename ondervinding sal wees om tydelik in die inrigting te bly. Dit is noodsaaklik dat die kind as indiwidu met sy eie besondere behoeftes en beperkinge erken moet word. Die kind is immers die belangrikste persoon in die inrigting. Wanneer die erkenning van die kind en sy behoeftes wel op die voorgrond geplaas word, is daar reeds ver gevorder om die kind te bereik en te laat tuis voel.

1.3. <u>Toerusting</u>

Met die besondere behoeftes van die kind in die veiligheids= plek in gedagte moet alle toerusting aan die besondere be=

hoeftes van elke indiwiduele kind voldoen.

Die toerusting wat tans in Monument veiligheidsplek gebruik word, kan in twee kategorieë verdeel word, naam=lik toerusting wat noodsaaklik is vir die versorging van die kind, ontspannings- en speltoerusting waarmee die kind homself besig kan hou.

Wat die bestaande speltoerusting betref bestaan daar, veral ten opsigte van die jonger kinders en kleuters, 'n besondere behoefte aan 'n verskeidenheid spelapparaat wat 'n stimulerende invloed op die kind het.

Ondersoeker het bevind dat laasgenoemde toerusting van so 'n aard moet wees dat dit aan die kind die nodige selfvertroue gee. Terselfdertyd moet dit ook die fisiese sowel as die psigiese ontwikkeling van die kind stimuleer. As voorbeeld vir die stelling kan genoem word dat 'n klimraam baie selfvertroue aan die jonger kind en kleuter gee deurdat hy op homself aangewese is en die top kan bereik. Gedurende hierdie klimproses word die liggaamlike ontwikkeling ook gestimuleer.

Kompeterende speletjies bied gesonde vermaak en ontspan=ning aan die groter kind. Die kind word geleer om te wen maar ook hoe om te verloor en hoe om binne die groep te funksioneer.

Daadwerklike aandag en toesig deur die personeel is nodig by die hantering van die spelapparaat deur die kinders. Kinders moet gemotiveer word om bestaande toerusting in vol te gebruik tot voordeel van die kind.

## 2. DIE ALGEMENE VERSORGING EN DIE BEHANDELING VAN KINDERS IN MONUMENT VEILIGHEIDSPLEK.

### 2.1. Godsdiens en die kind in die veiligheidsplek*

Godsdienstige opvoeding en die rol van godsdiens in die veiligheidsplek word as baie belangrik beskou. "A man's religion is the audacious bid he makes to bind himself to creation and to the Creator. It is his ultimate attempt to enlarge and to complete his own personality by finding the context in which he rightly belongs." (Yeaxly, 1952, p. (xiii)

Afgelei vanuit bogenoemde aanhaling, is dit voor die handliggend dat die mens en daarom ook die kind, uiter= aard gebonde wil wees aan godsdiens. Met godsdiens bedoel ondersoeker die diens tot God soos vervat in die boeke van die ou en nuwe Testament van die Bybel.

Vanuit die christelik-Calvinistiese standpunt is die mens, en dus ook die kind, geskape na die beeld van God (Die Bybel, Gen. 1: 27). Gesien in die lig van die Woord, is dit duidelik dat die mens in verhouding staan tot God, omdat hy moet heers op die aarde. (Die Bybel, Ps. 8: 6 - 9)

Die feit dat die mens moet heers oor die skepping, impliseer dat die mens besondere verantwoordelikhede het teenoor die Skepper, omdat die mens 'n ewigheids= bestemming het. (Matt. 25: 46) Hierdie besondere ver= houding wat die kind het tot God, plaas 'n besondere verantwoordelikheid op die skouers van die personeel van die inrigting.

---

*Gegewens met betrekking tot godsdiens en die kind in Monument veiligheidsplek verkry deur middel van gesprekke wat gevoer is met di. Van der Walt en Malherbe van die Gere= formeerde en N.G. Kerk onderskeidelik, wat diens gedoen het by Monument veiligheidsplek. Stellings wat gemaak word is dus in groot mate gebaseer op gesprekke met die leraars.

Uit die aard van die saak bied godsdiensonderrig aan die kind in die veiligheidsplek besondere probleme aan= gesien die kinders tot verskillende kerkgenootskappe behoort. Geen bepaalde kerk se leerstelling moet aan die kind voorgehou word nie, maar die liefde van God, vir alle mense.(Die Bybel, John. 3: 16) Uit die gesprekke wat met die leraars gevoer is, blyk dat die kinders 'n besondere gebrek openbaar ten opsigte van godsdiensonderrig. Daar is tog 'n beperkte sin vir godsdiens by sommige kinders te bespeur. Hierdie kennis is moontlik op skool en Son= dagskool/katkisasieklasse opgedoen. Uit indiwiduele ge= sprekke wat deur die leraars met die inwoners gevoer is, het dit geblyk dat godsdiens geen leidende rol in die kinders se lewe speel nie. Om die waarde van godsdiens by die kind tuis te bring is die betrokke leraars van mening dat daar gebruik gemaak moet word van indiwiduele - sowel as groepsgesprekke. (Dit is ook deur die leraars toegepas) Oudio-visuele hulpmiddels is ook sinvol gebruik. Langs hierdie weg kan die kind leer dat hy in 'n besondere verhouding staan tot God en ervaar hy ook die liefde van God vir hom as mens.

Dit is ook nodig dat elke kind wat kan lees 'n Bybel moet hê. Afgesien van die feit dat die besit van 'n Bybel besondere waarde het (want dit is iets wat sy eie is) moet hy onderrig word om dit sinvol te gebruik.

Dit is ook belangrik dat godsdiens nie op die kinders afge= dwing word nie, maar dat dit op vrye en spontane wyse moet geskied, alhoewel op 'n bepaalde vasgestelde orde, byvoor= beeld stiltetye gedurende die oggend en aand.

Verder moet daar 'n besondere atmosfeer van toeganklikheid tussen die personeel en die kinders heers sodat enige pro= bleme wat mag opduik met die personeel bespreek kan word.

2.2. <u>Die opvoedkundige versorging van die kind in die veiligheidsplek.</u>

Die sorgbehoewende kind openbaar opvoedkundig 'n ge= weldige agterstand teenoor die kind wat nie onder sorg= behoewende omstandighede opgegroei het nie. "Intellectually, too, there is a void in the child's life. If no one has bothered to speak to him, it is not surprising that he has not learned to speak properly. Never having been taken to a zoo or a park, he does not know what animals, flowers, trees and grass look like. If his mother has never taken him shopping, he cannot know anything about shops, super markets, traffic or crossing streets. If he has not had toys, he has no idea of what to do with a car or a building set. If no one has read stories to him, he has no opportunity of learning about things in the world about him." (Rubanenko, 1975, p. 34)

Gedurende Augustus 1974 tot April 1975 het daar 'n kleuter= skool tot stand gekom by die Monument veiligheidsplek as gevolg van die vrywillige dienste van mev. Rubanenko. Die kleuterafdeling was gekenmerk deur afreagerende gedrag by die kleuters. (Rubanenko, 1975, p. 34)

Met die instelling van die kleuterskool vir die veiligheids= plek het hierdie gedrag van die kinders geleidelik verander na positiewe gedrag. Die kinders kon beter beheer word en hulle gedrag was sosiaal meer aanvaarbaar.

Die praktyk by Monument veiligheidsplek is dat die kinders wat reeds skoolgaande ouderdom bereik het, 'n plaaslike skool besoek wat buite die inrigting geleë is. Hierdie reëling is baie bevredigend, aangesien dit die kind in staat stel om ander kinders uit alle lae van die samelewing te kan leer ken. Terselfdertyd bied die skool positiewe leiding aan die kind op intellektuele gebied. Die prestasies wat die kind op akademiese, sowel as sportgebied behaal, is stimulerend. Dit bou en vorm die kind en gee aanleiding tot beter maatskaplike funksionering.

Die intellektuele ontwikkeling van die kind in die in= rigting, word nie onderbreek tydens aanhouding in die veiligheidsplek nie. By die kleuter sou die ontwikkeling gestrem word sonder die stimulerende invloed van 'n kleuterskool, want die kleuterskool voorsien in die be= hoeftes van die kleuter: "The nursery school is a school serving the needs of two, three and four year-old children in today's world by offering them experience adapted to what is now known about growth needs at these age levels." (Read, 1971, p. 27)

2.3. Die kulturele versorging van die kind in die veiligheidsplek

Hierdie kinders is oor die algemeen kultureel gedepriveerd, dit kan toegeskryf word aan hulle besondere agtergrond.

Ten einde hierdie besondere behoefte van die kind te bevredig, is die kinders soveel as moontlik met die kultuur in aanraking gebring.

Aangesien die kinders tydelik in die veiligheidsplek ver= sorg word, kan die kinders nie aansluit by 'n kulturele beweging, soos byvoorbeeld die Voortrekkerbeweging nie.

Die kinders is egter gereeld vir uitstappies geneem na die verskillende musea in die stad, die dieretuin en ander be= sienswaardighede in die omgewing.

Gedurende ontspanningsaande, waartydens hoofsaaklik rolprente vertoon was, word rolprente so gekies dat dit opbouend en ontspannend kan wees.

2.4. Die dissipline en tug van die kind in die veiligheidsplek.

Beter funksionering van die kind binne die inrigting hang ook ten nouste saam met die kweek van selfdissipline by die kind. Die kweking van selfdissipline hou onder andere in dat die personeel die voorbeeld moet stel deur self in voldoende mate selfdissipline te handhaaf. Die personeel

se taak is om aan die kind liefde te gee en ook dissipline. "Besides love there must be discipline ... To be socialized, restraints must be imposed. Bad behaviour must be discouraged and good behaviour encouraged ... The goal of disciplinary intervention is to produce an individual capable of self control through conscience and reason." (Blood, 1969, pp. 449 - 450)

Die doel van toepassing van dissipline en die kweek van selfdissipline, moet wees om die kind te laat aanpas in die samelewing.

Die eise wat aan die personeel gestel word met betrekking tot selfdissipline is baie veeleisend want "woorde wek maar voorbeelde trek." Die voorbeeld wat die personeel stel, moet in alle opsigte vir die kind navolgenswaardig wees, want die personeellid is die identifikasie-figuur vir die kind, al sou dit slegs tydelik wees.

Van besondere belang is die beleid wat deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene gehandhaaf word, asook die toepassing en waarde van tug vir die kind in die inrigting.

Die beleid met betrekking tot lyfstraf wat deur die De= partment van Volkswelsyn en Pensioene neergelê word, is soos volg:

"1. Dit moet selde gebruik word.

"2. Dit kan in uitsonderlike gevalle toegepas word op jong kinders wat nog 'n verantwoordelikheidsgevoel moet ontwikkel, dit wil sê kinders onder tien.

"3. Vir kinders (seuns) van sê 10 tot 13 jaar skyn dit in die meeste van die gevalle nie kwaad te doen nie, selfs al dreig dit net op die agtergrond. Net 'n paar rapse word aanbeveel. Dogters mag nie lyfstraf kry nie.

"4. Vir die adolessente kind is dit in die algemeen nie baie goed nie. Die geestelike skok wat die jongeling ondergaan, lei net tot gekrenkte eer en vernedering.

"5. Dit moet nooit voor ander kinders toegepas word nie.

"6. Daar moet nie gebruik gemaak word van solank as die persoon wat dit toepas in toorn verkeer nie.

"7. Daar moet behoorlik rekord gehou word en so 'n gebruik beskerm nie alleen die kind nie, maar ook die prinsipaal, want alleen hy of 'n daartoe ge=magtigde persoon mag dit toepas. So 'n rekord be=vat 'n datum, naam, oortreding, deur wie toegedien, aantal houe en opmerkings."

(Volkswelsyn en Pensioene, 1956, p. 85)

Dit blyk dat lyfstraf met die grootste omsigtigheid toe=gepas moet word. Lyfstraf moet so toegepas word dat dit tot voordeel van die kind strek en nie sy selfbeeld skade berokken nie.

Die wyse waarop enige vorm van straf toegepas word, speel 'n baie belangrike rol om die kind aan te help om positief te ontwikkel.

Bot stel die volgende eise by die toediening van straf:

"1. Straf nooit in drif nie. 'n Driftige mens is onredelik in sy oordeel.

"2. Straf in die reël nie onmiddellik nie. Dit laat 'n tydperk van behoorlike oorweging toe en voorkom onbe=heersde optrede.

"3. Laat die kind verstaan dat die straf iets noodwendigs is en nie sommer willekeurig nie.

"4. Laat die straf nooit te lank wees nie.

"5. Moet nie die kind as persoon beledig nie."

(Cronje, 1958, pp. 180 - 181)

Straf het nie as doel om die kind te verkleineer nie, maar wel dat die daad van die kind veroordeel word. Die kind self moet gerespekteer word as 'n wese met 'n in= trinsieke waarde en 'n ewigheidsbestemming. Straf as sodanig het opvoedkundige waarde vir die kind in die in= rigting. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat straf "... does intensify and direct behaviour, i.e., it motivates. It is, however a double-edged tool. Thoughtlessly used it does great harm; great care and skill are required of its user for good results." (Skinner, 1956, p. 118)

Wanneer die kind gemotiveer is om die straf te ondergaan deurdat hy duidelikheid het ten opsigte van eise aan hom gestel asook die doel en sin daarvan, sal die straf 'n po= sitiewe middel wees om die kind mee te lei tot beter funk= sionering.

2.5. <u>Die ordelikheid en netheid van die kind in die veiligheidsplek.</u>

As gevolg van die kinders se besondere agtergrond het die kinders gebrek aan netheid en ordelikheid. Veel aandag is deur ondersoeker aan hierdie aspek gegee. Deur middel van gesprekvoering is die noodsaaklikheid van netheid op die persoon in die algemeen asook ordelikheid onder die kinders se aandag gebring.

As voorbeeld kan genoem word dat kinders toegelaat is om tydens etes op 'n beskaafde wyse met mekaar te gesels sonder om luidrugtig te wees. Tydens studietye moes daar egter stilte heers.

Netheid op die persoon en op die omgewing is nie op die kind afgedwing nie. Die rede waarom netheid aanvaarbaar is, is tydens indiwiduele- en groepsgesprekke onder die aandag van die kinders gebring. Deur die kweek van 'n selfrespek by die kind, deur onder andere netjies te wees op sy eie persoon, het die kind 'n respek vir sy omgewing geopenbaar.

## 2.6. Die spel van die kind in die veiligheidsplek.

Met spel word bedoel "vermaaklike handeling; ontspanning volgens bepaalde reëls; tydverdryf ..." (Kritzinger, Labuschagne & Pienaar, 1956, p. 812)

Spel is ingestel op vermaaklike ontspanning van die indiwidu om tyd te verdryf. Die funksies van spel kan soos volg opgesom word:

- Om volwassenes na te boots.
- Om situasies in die werklike lewe uit te speel.
- Om verwantskap en ondervindings te reflekteer.
- Om behoeftes uit te druk.
- Om verligting te kry vir onaanvaarbare impulse.
- Om rolle om te ruil.
- Om groei te weerspieël.
- Om probleme uit te werk en te eksperimenteer met oplossing. (Vgl. Rudolph en Cohen, 1964, p. 56)

Uit die funksies van spel blyk dat dit 'n aktiwiteit is waar die kind hom besig hou met 'n verwerkte vorm van die werklikheid, wat aanpas by sy eie ervaringsbelewenis-wê=reld, met die doel om die ontwikkeling van rasionele denke en aanpassing met die eie portuurgroep, deurdat hy meedoen

aan 'n gesamentlike aktiwiteit. Die kind word deel van die spel waarmee hy hom besig hou. "... play uses every ounce of a child's energy." (Cass, 1972, p. 12) Sy volle aandag word dus vereis wanneer die kind besig is om deel te neem aan 'n spel. Om te kan deelneem aan 'n spelaktiwiteit binne die groepverband, beteken dat die kind moet saamspeel met ander kinders met die gevolg: "It encourages his imagination. It develops skills of both body and mind. It brings about understanding, warmth, and sympathy towards others. How to compete, how to take hard knocks, how to win gracefully, when to assert oneself and when to forget selfinterest, are all learned through play. Perseverance how to struggle through a desired end, is as much a part of play as it is of work ... Play offers healing for hurts and sadness. It breaks down tension and releases spent-up urge towards self-expression. Play is the working partner of growth, for activity is as vital to growth as food and sleep. The far reaching significance of children's play has only lately been understood. Unless the deeplying impulses satisfied by play are allowed to express themselves in childhood, adult life suffers. Some men and women are never able to take part freely in the life around them, they are stiff and lonely because they don't know how to mix with others. They cannot lose them in spon= taneous fun. Somehow or other their urges towards expres= sion in play were denied the chance to come to the surface in childhood." (Cass, 1972, p. 12)

## 2.7. Die vryetyds- en konstruktiewe vryetydsbesteding van die kind in die veiligheidsplek.

Dumazedier definieer die begrip vrye tyd soos volg: "... leisure is activity apart from the obligations of work, family, and society - to which the individual turns at will, for either relaxation, diversion or broadening his knowledge

and his spontaneous social participation, the free exer= cise of his creative capacity." (Dumazedier, 1967, p. 16)

Volgens hierdie skrywer kan die funksies van vryetydsbeste= ding wees dat dit ontspanning aan die persoon bied. Verder hou dit die voordeel in dat dit uitputting van die persoon wegneem omdat hy besig is om iets te doen wat eie aan hom is en wat aansienlik verskil van dit waarmee hy normaalweg besig is. Hierdie "iets anders doen" beteken dat dit 'n vorm van vermaak aan die mens bied in die sin dat dit iets kon= struktiefs is wat hy vir homself skep. (Dumazedier, 1967, pp. 14 - 16)

Omdat die mens nou in die tyd wat sy eie is, iets kan skep, het dit besondere waarde vir sy persoonlikheid want "... the primary equipment of leisure consists in the posession of two eyes, two ears, two hands, and two feet, with the addition of numerous items..." (Neumeyer & Neumeyer, 1958, p. 203)

Die kind beskik oor die nodige potensiaal om hom ook in sy vrye tyd konstruktief besig te hou.

Tydens ondersoeker se diens as superintendent aan Monument veiligheidsplek, is daar begin om 'n program aan die kinders te bied wat hulle konstruktief besig kan hou. Die personeel van die inrigting is gemotiveer om behulpsaam te wees met die daarstelling van 'n program. Saterdae is veral hieraan gewy. Aanvanklik was alleenlik die personeel verantwoordelik vir die versiering van die slaaplokale. Die praktyk het egter getoon dat al hierdie pogings misluk het. Die inwoners het dit summier van die mure verwyder, geskeur of gebreek. Later is op 'n ander wyse te werk gegaan. Aktiwiteite wat aangebied is, was onder meer knoop- en doopwerk, spanwerk, papier knip en houtsnee. Die ornamente is deur die kinders (en nie die personeel nie) in die slaapvertrekke gehang as versiering.

Geen van hierdie voorwerpe is deur die kinders vernietig nie, inteendeel, hulle was baie trots daarop. Waarskyn=lik kan dit toegeskryf word aan die feit dat die kind iets van waarde vir homself geskep het. Dit het meegehelp tot beter aanpassing van die kind binne die inrigting.

Die waarde van konstruktiewe vryetydsbesteding vir hierdie kinders, is dat dit 'n gevoel van eie waarde by die kinders skep. Terselfdertyd verhoog dit die selfbeeld van die kind.

2.8. Die mediese versorging van die kind in die veiligheidsplek. *

Met die toelating van die kind in die veiligheidsplek, be=skik die verpleegster oor 'n voltooide mediese verslagvorm asook die vorm waarop die ouers toestemming gee tot mediese dienste. Op laasgenoemde vorm verskyn die lys van siektes wat die kind gehad het, asook alergieë wat die kind mag hê. Dié dokumente stel die verpleegster in staat om vas te stel of die kind aan enige kroniese siekte ly of enige gebrek het.

Onmiddellik na opname word die kind se lengte en gewig geneem. Dit is van belang om te bepaal of die kind oor=gewig is of nie. Wanvoeding is 'n redelik algemene verskyn=sel onder die kinders wat toegelaat word. Indien so 'n kind se gewig en lengte nie binne normale perke is nie, word daar waargeneem wat die kind se eetgewoontes is, en die nodige stappe word geneem.

---

* Hierdie afdeling is geskryf na aanleiding van onderhoude wat gevoer is met suster Du Plessis, verpleegster verbonde aan die Monument veilig=heidsplek, Bloemfontein.

Ondersoek word ook gedoen na die hare en kop. Die kop word deeglik ondersoek vir enige letsel as ge= volg van beserings wat mishandeling deur die ouers of voogde as moontlike oorsake kan hê. Die hare word deeglik ondersoek vir kopluise of nete. Vervolgens word die vel ondersoek na die voorkoms van sere. Die gevolg van swak voeding hou in dat die liggaam 'n ver= laagde weerstand het en enige sulke sere is geneig om septies te raak. Verder word gelet op moontlike letsels as gevolg van mishandeling. Daar word ook gelet op enige uitslag of enige velabnormaliteite wat kan dui op sis= temiese stoornis.

Aandag word gegee aan die voorkoms van sweerore en moont= like gehoorprobleme. Afskeiding of tranerigheid van die oë geniet aandag en die gesigsvermoë word getoets. Aandag word gegee aan moontlike afskeiding van die neus of die vorm daarvan. Enige afwykings kan aanleiding gee tot die belemmering van die asemhaling.

Die mond en mondholte word deeglik ondersoek vir enige af= wykings. Enige misvormings aan die ledemate of enige letsel geniet aandag, asook enige afwykings aan die romp. Die urine word getoets en gevalle waar enurese voorkom, geniet die nodige aandag.

Die algemene indruk wat die kind skep, kry aandag, byvoor= beeld sy liggaamshouding en of hy 'n hiper-aktiewe of dooierige kind is.

Elke kind wat opgeneem word, word geïmmuniseer teen kinder= siektes, indien daar geen bewys van suksesvolle immunisering is nie.

Deur die mediese versorging van die kind word die liggaam van die kind gesond gehou. Deur in die behoeftes van die kind te voorsien, word die kind gehelp om liggaamlik en geestelik te ontwikkel.

## 3. SAMEVATTING.

Die kind wat tydelik vanuit sy ouerhuis verwyder word, moet binne die inrigting versorg en behandel word. Die inrigting moet dus so toegerus wees om in hierdie behoeftes te kan voorsien.

Die huidige opset van die geboue, is dat die inrigting uit afdelings vir kleuters, seuns en dogters bestaan. Die groot leemtes in die slaaplokale is, dat dit geen privaatheid het vir die kind nie. Die privaatheid wat die kind by sy huis ervaar het, hoe gering ookal mag wees, verdwyn sodra hy opgeneem word. Die ander fasiliteite wat daar is, is vol=doende om in die behoeftes van die kind te voorsien.

Die personeel wat verbonde aan die inrigting is, is van die belangrikste persone. Van hierdie persone word verwag om die substituut-figuur te wees, wat die vader- en moederfiguur tydelik moet vervang. Die eise wat aan hierdie persone gestel word, is van so 'n aard, dat dit veel van hulle verg. Die personeel moet die behoeftes en probleme van die kinders kan identifiseer en verslag daaromtrent kan doen. Personeel moet ook bereid wees om hulleself beter te bekwaam ten einde uit=voering aan hulle taak te gee.

Ten spyte van 'n vorm van indiensopleiding, is daar 'n dringende behoefte aan 'n formele opleidingskursus vir hierdie personeel ten einde die personeel in staat te stel om die kind beter te hanteer.

Met die aanleer van dissipline deur die kind, word die gevoel

van eie waarde by die kind aangekweek omdat sy self=dissipline 'n positiewe groei toon. Straf in watter vorm ookal, moet op 'n uiters positiewe wyse toegepas word, anders word die selfbeeld van die kind negatief beïnvloed.

Aktiewe deelname aan spel moet by die kind aangewakker word. Konstruktiewe deelname aan een of ander vorm van vryetydsbesteding is baie belangrik. Dit leer die kind om met ander te meng, dit verhoog sy eie waarde, en laat hom nooit ledig nie. Langs 'n positiewe weg raak die kind ontslae van sy oortollige energie, want ledigheid is voorwaar die duiwel se oorkussing.

Godsdiens speel 'n baie belangrike rol in die versorging van die kind in die veiligheidsplek. Daar moet gewaak word dat daar nie 'n bepaalde leer verkondig word nie. Die kind moet leer en ervaar dat godsdiens 'n positiewe faktor in die mens se lewe is.

Die mediese versorging van die kind is van belang. Wanneer die kind werklik fisies gesond is, kan die kind aktief deelneem aan alle aktiwiteite. Die voorsiening in die intellektuele behoeftes van die kind. Die omgewing van die kinders moet van so 'n aard wees dat dit stimulerend op die kind inwerk en die kind prikkel tot groter denke.

Met die mediese versorging van die kind word daar in 'n belangrike behoefte voorsien. As gevolg van hierdie kinders se agtergrond kom siekte-verskynsels, en onder=voeding vry algemeen voor. Deur die liggaam gesond te hou word die kinders in staat gestel om aktief aan verskillende aktiwiteite deel te neem.

Die voorsiening in die opvoedkundige en intellektuele be=

hoeftes van hierdie kinders is vir die groei en ontwikkeling op intellektuele gebied baie belangrik. Hierdie kinders toon 'n agterstand op hierdie gebied. Die omgewing van hierdie kinders moet van so 'n aard wees dat dit stimulerend op die kinders inwerk en die kinders prikkel tot selfstandige denke.

Ordelikheid en netheid moet nie op die kind afgedwing word nie, maar moet op 'n spontane wyse aan die kind oorgedra word. Die kind moet gemotiveer word om 'n gevoel van eie waarde vir homself en sy omgewing te ontwikkel.

Kultuur speel 'n baie belangrike rol in die ontwikkeling van die mens. Die kinders het 'n besliste agterstand op die gebied. Die kinders moet in aanraking kom met kultuurgoedere en aktiwiteite in die omgewing.

## HOOFSTUK VIII

## DIE VEILIGHEIDSPLEK AS SENTRUM VIR DIE EVALUASIE VAN MAAT=SKAPLIKE FUNKSIONERING, DIE VERSORGING EN BEHANDELING VAN DIE KIND, 'n SAMEVATTING, EVALUASIE EN SLOT.

Die veiligheidsplek beklee 'n besondere posisie in die ver=sorging van die kind. Dit dien as 'n tydelike sorg tussen die ouerhuis en ander plaasvervangende sorg. Daar is nie noodwendig slegs 'n eenrigtingverkeer, van die ouerhuis via die veiligheidsplek na 'n spesifieke kinderinrigting nie. Die belangrikste is dat die kind teruggeplaas kan word in die sorg van sy ouers.

Daar bestaan verskeie redes waarom oorgegaan word tot die neem van statutêre stappe om die kind uit gesinsverband te verwyder. Hierdie redes kan wissel van omstandighede waar albei die ouers oorlede is tot waar die kind hom skuldig maak aan een of ander vorm van wangedrag.

Uit die ondersoek blyk dit duidelik dat afwykings en besondere behoeftes by die ouers sowel as die kind aangetref word. Ver=der is dit ook so dat ouers en kinders mekaar wedersyds beinvloed. Volgens navorsing oor die gesinsagtergrond van die kind ten opsigte van wie statutêre ingryping moes plaasvind, blyk dit dat sekere kenmerke oor die algemeen voorkom by hierdie gesinne. Afwykende gedrag soos bv. drankmisbruik, huweliksonenigheid, verlating en onvolwaardige ouerskap kom algemeen voor.

Navorsing het ook verder getoon dat kinders wat vanuit laasgenoemde gesinne afkomstig is, nadelig beinvloed word. Hierdie negatiewe beinvloeding het tot gevolg dat hierdie kinders besondere probleme, behoeftes en afwykende wangedrag kan openbaar, wat die latere aanpassing van die kind as volwassene nadelig beinvloed.

Die gesin is die natuurlike basiese milieu waarin die kind gebore word, opgroei en ontwikkel tot volwaardige maatskaplike goedaangepaste volwassene. As gevolg van hierdie uniekheid van die gesinsamestelling en funksies kan geen ander vorm van sub= stituutversorging die plek van die gesin inneem nie. In die lig van hierdie feit word die belangrikheid van die gesin ook duidelik omskryf deur die beleid wat deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene neergelê is, naamlik dat die verwydering van die kind uit die gesinsverband die laaste stap moet wees en dat die verwydering slegs tydelik van aard is. In die praktyk is dit egter so dat die ouers nie in staat is om maatksplik volwaardig te kan funksioneer nie, met die gevolg dat die kinders uit die gesinsverband verwyder moet word.

Wanneer die kind uit gesinsverband verwyder word, en in die vei= ligheidsplek geplaas word, moet hy so spoedig moontlik uitgeplaas word. Die tydelikheid van die aanhouding word ook bepaal deur die aanhoudingsorders wat elke 14 dae uitgereik word. Verder word ook bepaal dat die kinders nie langer as 'n maand (vergelyk p.    van die verhandeling) aangehou behoort te word nie. Uit die navorsing blyk egter dat 37,71% vir minder as 'n maand, 48,71% vir 'n tydperk van twee maande en 27,76% vir 'n tydperk van vier maande en langer aangehou word.

Die feit dat bykans die helfte van die kinders langer as 'n maand in die veiligheidsplek aangehou word, beteken dat daar besonder hoë eise aan die veiligheidsplek gestel word met betrekking tot die versorging en behandeling van die kinders.

Die verwydering van die kind uit gesinsverband sal tot 'n mindere of meerdere mate vir elke kind 'n traumatiese ervaring bly. Per= sone wat belas is met die verwydering van kinders moet besondere bande met die kind het of ten minste begrip vir die kind en sy onmiddellike behoeftes openbaar. Die sinvolle verwydering van

die kind help hom in sy aanpassing binne die inrigting. Streng keuring van begeleiers is dus noodsaaklik.

Ten einde te indiwidualiseer is dit nodig dat elke indiwiduele kind met sy persoonlike behoeftes en probleme aandag kry. Per= soonlike aandag ten tye van die kind se toelating en tydens sy hele verblyf is dus noodsaaklik.

Die wyse waarop die kind inskakel by en vorder in die inrigting hang ten nouste saam met die ontvangs en versorging van die kind deur die personeel. Personeel verbonde aan die veiligheidsplek moet dus in staat wees om die kind en sy behoeftes op 'n profes= sionele wyse te bevredig. Die personeellid is immers die sub= stituut vir die ouers. Maatstawwe vir die keuring van personeel is dus noodsaaklik.

Ten einde in die kind se besondere behoeftes te voorsien is dit voor die hand liggend dat daar genoeg kennis aangaande die kind se agtergrond en eienskappe moet wees. Hierdie besonderhede is noodsaaklik ten einde 'n prognose te bepaal om sodoende te ver= seker dat die beste besluit, met betrekking tot die kind se toe= koms, geneem sal word.

Die noodsaaklikheid vir effektiewe diagnostiese en behandelings= dienste in die veiligheidsplek is tot voordeel van elke kind. Hierdie siening sluit nou aan by die omskrywing van die begrip veiligheidsplek, naamlik ... vir die tydelike opneming, ver= sorging en behandeling van kinders ..." (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1971, p. 64) en die beleid van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, dat daar volle verantwoordelikheid deur die inrigting vir die fisiese, sosiale en geestelike ver= sorging van die kind aanvaar moet word. (Vgl. Theron, 1975, p. 1)

Uit die ondersoek het geblyk dat daar meer as een "groep" kinders

binne 'n veiligheidsplek versorg word. Aanvanklik was daar 'n onderskeid tussen veiligheidsplek en plekke van bewaring. Aan= gesien die twee groepe kinders geen wesenlike verskil met betrek= king tot hul agtergrond, probleme en behoeftes gehad het nie, is die twee inrigtings gekombineer. Nog 'n verdere ontwikkeling was die totstandkoming van waarnemingsentrums. Hierdie inrigtings is tans gekombineer, behalwe in een geval, met bestaande veilig= heidsplekke en plekke van bewaring.

Die verblyf van die kind in die inrigting moet vir hom nie 'n ne= gatiewe ervaring wees nie. Dit is dus noodsaaklik dat geboue en toerusting sodanig moet wees dat dit in die indiwiduele behoeftes van elke kind voorsien. 'n Vorm van groter privaatheid, afhangende van die behoefte van elke kind, word in die slaaplokale aanbeveel. Aangesien spel- en ontspanningstoerusting so 'n belangrike rol in die kind se behandeling binne die inrigting speel en daar 'n leemte bestaan ten opsigte van opvoedkundige speltoerusting om in die be= hoeftes van die jonger kind te voorsien, word aanbeveel dat sodanige toerusting voorsien sal word. Die intellektuele behoefte by die kleuter is 'n besondere leemte, daarom word aanbeveel dat oorweging geskenk sal word aan die daarstelling van kleuterskoolfasiliteite vir kleuters.

Alhoewel die versorging en behandeling van die verskillende "groepe" kinders nie verskil nie, word daar tog 'n wesenlike onderskeid gemaak ten opsigte van kinders wat vir waarneming verwys word. Hierdie kinders word onderwerp aan 'n ondersoek deur 'n span professionele persone, ten einde 'n deeglike studie van die kind se probleme en behoeftes te maak. Uit die ondersoek blyk dit dat daar, ten opsigte van Monument veiligheidsplek, 'n toename in die aantal kinders was wat vir waarneming verwys is. Dit kan toegeskryf word aan 'n be= sondere behoefte vir so 'n diens. Deur die toevoeging van meer lede tot die professionele span word daar 'n meer volledige beeld van die kind verkry.

Die dienste soos gekoppel aan 'n waarnemingsentrum bied 'n besondere geleentheid aan die maatskaplike werker om nie slegs 'n deeglike ondersoek van die kind te doen nie, maar dien ook as hulpmiddel om meer omvattend oor die kind se toekoms te beslis. Verder het die maatskaplike werker 'n besonder belangrike rol te vervul tydens die aanhouding van die kind in die inrigting. Dié professionele persoon is in besonder toegerus om bestaande be= hoeftes in die kind se maatskaplike funksionering uit te wys.

Probleme en behoeftes wat kinders in die veiligheidsplek openbaar, is hoofsaaklik vir die aanpassing en vordering van die kind binne en buite die inrigting verantwoordelik. Tensy hierdie probleme en behoeftes nie ontdek en bevredig word nie, kan dit daartoe aanleiding gee dat die kind aanpassingsprobleme mag ondervind.

Professionele dienste wat in die waarnemingsentrum gelewer word, gee 'n volledige beeld van die kind se behoeftes en probleme asook 'n voorgestelde plan van behandeling. Indien daar 'n volledige studie van elke kind se probleme en behoeftes deur hierdie span onderneem word, kan daar reeds op 'n vroeë stadium 'n evaluasie gemaak word van die kind se maatskaplike funksionering, met die oog op 'n plan van behandeling. Met die kind se latere aanpassing in gedagte is dit voor die hand liggend dat so 'n studie ten opsigte van elke kind onderneem moet word. Ten einde hierdie dienste aan die kind in bestaande veiligheidsplekke en plekke van bewaring beter te omskryf, word aanbeveel dat dié inrigtings se naam gewysig sal word na waarnemingsentrums.

<u>Samevatting en aanbevelings</u>.

1. Die ondersoek het getoon dat meer kennis nodig is van die gesinsomstandighede en die invloed daarvan op die kind.

2. Personeel verbonde aan die veiligheidsplek is 'n plaasvervanger vir die ouer. Hierdie persone moet dus gekeur en opgelei wees. Definitiewe riglyne vir die keuring en opleiding van personeel is noodsaaklik.

3. Die begeleiding van die kind speel 'n baie belangrike rol in die aanpassing van die kind in die inrigting. Begeleiers moet aan die kind bekend of gekeurde persone wees.

4. Daar bestaan 'n besondere behoefte aan die intellektuele ontwikkeling van die kleuter en jonger kind. Aandag moet gegee word aan die aankoop van opvoedkundige speltoerusting en die daarstelling van kleuterskoolfasiliteite vir die kleuter.

5. Ten einde te indiwidualiseer moet elke kind 'n mate van pri= vaatheid geniet. Aangesien gemeenskaplike slaaplokale tans in gebruik is, word aanbeveel dat daar 'n vorm van privaatheid vir elke kind aangebring word.

6. As gevolg van die besondere agtergrond van die kinders in die veiligheidsplek, het die kinders sekere probleme en behoeftes wat bevredig moet word. Indiwiduele aandag in die behandeling en versorging van elke kind is 'n vereiste.

7. Aangesien kinders in die veiligheidsplek in alle waarskynlikheid probleme ten opsigte van hulle maatskaplike funksionering, binne die inrigting mag ondervind, is die teenwoordigheid van die maatskaplike werker noodsaaklik om in hierdie behoefte te voorsien.

8. Die waarnemingskomitee is in staat om 'n volledige beeld van die kind daar te stel en 'n plan van behandeling voor te skryf. Dit kan deur die maatskaplike werker aangewend word wanneer daar oor die kind se toekoms beslis moet word.

9. Ten einde op 'n vroeë stadium kinders se probleme en behoeftes te bepaal, is dit aangewese dat kinders vir waarneming verwys word. In die lig hiervan word aanbeveel dat die veiligheidsplek en plek van bewaring se naam verander word na 'n waarnemingsentrum.

# LITERATUURLYS

## A. BOEKE EN VERHANDELINGS

1. ANDREWS C. en HARRIS M. 1964 The syndrome of stuttering London. The mastics society medical education and information unit. William Heineman medical books Ltd.

2. BAKER P. 1971 Basic child psychiatry. London, Staples Press.

3. BAKWIN R.M. en BAKWIN H. 1972 Behaviour disorders in children. London, W.B. Saunders en Co.

4. BAKWIN R.M. en BAKWIN H. 1973 Psychologic care during infancy and childhood. London, D. Appleton Century Co.

5. BRECKENRIDGE M.E. en VINCENT E.L. 1965 Child Development. London, W.B. Saunders Co.

6. BLOOD R.O. 1969 Marriage. New York, The Free Press. Tweede Uitgawe.

7. BLOOD R.O. 1972 The family. New York, The Free Press.

8. BOWMAN H.A. 1965 Marriage for moderns. New York, McGraw Hill Book Co.

9. CASS J.E. 1972 The significance of children's play. London, B.T. Batsford Ltd.

10. CRONJE G. 1959 Man en vrou in die huwelik. Pretoria H.A.U.M.

11. DAY P.R. 1972 Communication in Social Work. Oxford, Peregamon Press.

12. Die Bybel

13. DREVER J.A. 1952 Dictionary of Psychology. Middlesex England, Penguin Books.

14. DUMAZEDIER J. 1967 Towards a society of leisure. New York, The Free Press.

15. VAN ELFEN J. 1973 Kleutersorg. Kaapstad, Tafelberg uitgewers.

16. GARRET 1965 Interviewing its principles and methods. New York, Family Service Association of America.

17. HAWDRTH M.R. 1964 Child Psychotherapy. New York, Basic Books Inc.

18. DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PERSIOENE. 1956 Handboek vir kinderinrigtings. Pretoria, Staatsdrukker.

19. HARTLEY R.E. e.a. 1954 Understanding childrens' play. New York, Columbia University Press.

20. HORTON P.B. en HUNT C.L. 1964 Sociology. New York, McGraw Hill Book Co.

21. HOLGATE E. 1972 Communicating with children. London, Longman Group Ltd.

22. HURLOCK E.B. 1964 Child development. New York, McGraw Hill Book Co.

23. HURLOCK E.B. 1970 Child growth and development. New York, McGraw Hill Book Co.

24. KADUSHIN A. 1974 Child welfare services. New York, McMillan Publishing Co. Inc.

25. KADUSHIN A. 1972 The Social work interview. New York Columbia Press.

26. KAHL O.C. 1970 Inleiding tot maatskaplike gevalle werk. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.

27. KEYTER, J. DE W. 1961 Opvoeding en onderwys. Kaapstad, Nasionale Boekhandel.

28. KRITZINGER M.S.B., LABUSCHAGNE F.J. en PIENAAR P.De V. 1965 Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., Uitgewers.

29. KANNER L.M.D. 1962 Child Psychiatry. Illinois. Charles C. Thomas Publishers.

30. MORGAN C.T. en KING R.A. 1966 Introduction to Psychology. New York. McGraw Hill Book Co.

31. MCLACHLAN R. 1959 Kinders sonder sorg. Kaapstad, N.G. Kerk Uitgewers.

32. MURPHY A.T. en FITZOIMONS R.M. 1960 Stuttering and personality dynamics, play therapy, projective therapy and counseling. New York, The Ronald Press Co.

33. MUSSEN P.H., CONGER J.J. en KAGAN J. 1974 Child Development and personality. New York. Harpe en Row Publishers.

34. NYE F.J. en BERNARDO F.M. 1973 The family its structure and interaction. New York. McMillan Publishing Co. Inc.

35. NEUMEYER M.H. en NEUMEYER E.S. 1958 Leisure and recreation. New York, The Ronald Press.

36. PATTON B.R. en GRIFFERS K. 1974 Interpersonal communication. New York, Harper en Row Publishers.

37. PINCUS A. en MINHIHAN A. 1973 Social work practice: model and method. Itasca, Illinois, F.E. Peacock Publishers Inc.

38. PRETORIUS P.J. 1970 Alledaagse kindergeneeskundige probleme. Elsiesrivier, Nasou Bpk.

39. READ K.H. 1971 The nursery school a human relationship Laboratory. Philadelphia, W.B. Saunders Co.

40. RITCHIE O.W. en KOLLER M.R. 1964 Sociology of childhood. New York, Appleton Century Crafts.

41. ROODE C.D. 1974 Inleiding tot die sosiologie, Kaapstad. A.A. Balkema.

42. RUDOLPH M. en COHEN D.H. 1964 Kindergarten a year of learning. New York, Appleton Century Crafts.

43. STRYDOM G.J. 1970 Die taak van die maatskaplike werker ten opsigte van die selfverwesenliking van die kind in die inrigting. Ongepubliseerde M.A. verhandeling P.U.

44. SARA D. en GIDSEG L. 1955 The new American baby book. New York, Book Inc.

45. SKINNER C.E. en HARRIMAN P.L. 1958 Child Psychology. New York, The McMillan Company.

46. SWEEDLUN V.S. en CRAWFORD G.M. 1956 Man in society. New York, American Book Co.

47. THERON E. 1948 Inrigtingversorging. Stellenbosch, Universiteit Uitgewers en Boekehandelaars Edms. Bpk.

48. URBANI G. 1972 Personeel en maatskaplike behoeftes van die kind in die Kinderhuis. Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Departement Maatskaplike Werk. P.U. vir C.H.O.

49. VAKTAAL KOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1971 Verklarende Afrikaanse woordeboek vir maatskaplike werk. Pretoria, Die Staatsdrukker.

50. VAN DIJK R. Ongedateerd. Mens en medemens. Wageningen N.V., Gebr. Lomer en Keunings Uitgewersmaatschapij. Tweede Druk.

51. VAN ROOYEN I.J.J. 1956 'n Ontleding van die gesinsagter= grond van blanke sorgbehoewende kinders in Suid-Afrika en van rehabilitasie metodes wat in die verband aangewend word. Ongepubliseerde D. Phil Proefskrif. Unisa.

52. VERVILLE E. 1968 Behaviour problems of children. London, W.B. Saunders en Co.

53. WINCKLER A.T. 1969 Volkswelsynbeleid. Stellenbosch, Kosmo Uitgewers Edms Bpk.

54. YEAXLY B.A. 1952 Religion and the growing mind. Greenwich Connecticut, Seabury Press.

PUBLIKASIES ARTIKELS WETTE EN DEPARTEMENTELE OMSENDBRIEWE EN VERSLAE.

1. Departement van Volkswelsyn: Verslag oor die Departement van Volkswelsyn vir die finansiële jare 1937 tot 1939. Cape Times Ltd. 1940.

2. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Verslag vir die tydperk 1962 tot 1964. Pretoria, Staatsdrukker.

3. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Verslag vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949. Pretoria, Die Staatsdrukker.

4. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Verslag vir die tydperk 1959 tot 1962. Pretoria, Staatsdrukker.

5. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Verslag vir die tydperk 1 April 1966 tot 31 Maart 1970. Pretoria.

6. Die Strafproseswet, 1956. (Wet 55 van 1956). Pretoria, Staatsdrukker.

7. Die Kinderwet, 1960. (Wet 33 van 1960) Pretoria, Staatsdrukker.

8. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Handleiding vir indiensopleiding. Deel II.

9. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Gekonsolideerde omsendbrief 40. 20 September 1968.

10. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Gekonsolideerde omsendbrief 23. 22 Julie 1965.

11. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Waarnemingsen= trums. Navorsing en Inligting. No 8 van 1964.

12. Pieterse F.P. "Aspects of South Africa's child welfare policy." Volkswelsyn en Pensioene. Jaargang 8 no 2.

13. Rubanenko B.F. Des. 1975. "The nursery school at the Monument place of safety." Volkswelsyn en Pensioene. Jaargang 10 no 2.

14. Van Dyk T.A. Die elektroniese oorapparaat van Tomatis. Rehabilitasie in Suid-Afrika. Dept. van Arbeid. Vol.18. 4 Des.1974

15. Anon. "Vakkundige dienste by veiligheidsplekke en plekke van bewaring." Volkswelsyn en Penioene. Jaargang 5 no. 1

16. Theron. S.D. 1975 "Die kind in die veiligheidsplek." Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Navorsing en Inligting. No.4.

17. C.S.I.R. Planning of places of safety and detention. Adhoc report. National Building research institute. UDC 69(680) (082)

18. Strating A. Spanwerk in maatskaplike werk. Ongepubliseerde referaat gelewer te P.U. vir C.H.O. Maart 1969.

19. Beukes P. Julie 1976 Die handhawing van die Afrikaner en sy kultuur in die stad, kerklik-godsdienstig beskou." Handhaaf. Jaargang 13 no. 9.

C.. ONDERHOUDE.

1. Mnr. Van Aswegen, hoof, Dr. Viljoenskool, Bloemfontein.

2. Professor F. Brümmer, gewese departementshoof, skool vir maat= skaplike werk, Universiteit van Witwatersrand, Johannesburg.

3. Mnr. B.J. Coetzee, hoofvakkundige beampte, Departement van Volks= welsyn en Pensioene, Bloemfontein.

4. Landros Cronje, Kommissaris van Kindersorg, Bloemfontein.

5. Mnr. J.I. Kruger, afdelingshoof, Abraham Kriel Kinderhuis, Langlaagte, Johannesburg.

6. Suster E. du Plessis, geregistreerde verpleegster, Monument veiligheidsplek, Bloemfontein.

7. Mnr. F.J. Pieterse, hoof gesinsorgdienste, Departement van Volks= welsyn en Pensioene, Pretoria.

8. Ds. J. van der Walt, Gereformeerde Kerk, Bloemfontein.

9. Ds. G.K. Malherbe, N.G. Kerk Monument, Bloemfontein.